

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 5, No. 1

Vertalings saamgestel uit die *Tomorrow's World*- en *Living Church News*-tydskrifte



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Is u GEREED?

Gebeure wat in u Bybel voorspel word, begin nou al meer gereeld gebeur. In hierdie Werk van die lewende God is ons daartoe in staat om u te waarsku oor *wat* binnekort gaan gebeur. Ons praat nie van dekades in die toekoms nie. Ons praat van Bybelprofesieë wat met toenemende intensiteit in die volgende vyf tot vyftien jaar van *u lewe* vervul gaan word!

Verstaan asseblief. Ons wil nie “onrusaaiers” wees nie. Ons is *lief* vir ons medemens. Dit is dus ons plig om *ons mense te waarsku*—voordat dit gebeur—om gereed te maak vir die toekoms. Die meeste van ons raad is geestelik van aard. In hierdie redaksionele kommentaar wil ek u egter goeie raad gee betreffende u *fisiese* oorlewing en finansiële welvaart.

Ons moet altyd die “geheelbeeld” profesie van Mattheus 24:6-11 in gedagte hou. Christus verduidelik dat daar kleiner oorloë binne “nasies” sal wees en groot konflikte tussen “koninkryke.” Hy dui in Lukas 21:11 aan dat daar “verskriklike dinge”—of, soos 'n paar Engelse vertalings dit stel, “*terrors*”—oor ons sal kom, sowel as werklik “**groot**” aardbewings aan die tyd van die einde. Hiermee saam sal daar *hongersnood* en *siekte-epidemies* wees.

As ons werklik Christene is *wat in die Bybel*

glo, moet ons **gereed maak** vir hierdie situasies. Ons word aan die ou spreekwoord herinner, “God help diegene wat hulself help!” Baie voorbeelde dui daarop dat, hoewel God dikwels *bonatuurlik* sal *ingryp* om ons te red, Hy van ons *verwag* om wysheid aan die dag te lê en dat ons ons deel moet doen om onself te beskerm.

God het Josef destyds in Egipte vermaan om *ekstra kos* te bêre vir 'n geprofeteerde hongersnood (Genesis 41:25-27). Natuurlik *kon* God gesê het: “Moenie jou kwel of enige voorkomende stappe neem nie, Ek sal jou eenvoudig verlos—wat ook al gebeur!” Die Bybel—wat *God se denke* openbaar—dui egter daarop dat God wou hê dat Josef en sy mense deur dié *ervaring* moes gaan om ekstra voedsel opsy te sit en te leer om *hulle deel* te doen om voor te berei vir toekomstige rampspoed. Die apostel Jakobus skryf “*dat die geloof sonder die werke dood is*” (Jakobus 2:20).

Dit is beter vir mense om deur hierdie situasies die *lesse te leer* en te ervaar wat dit is om sorg, wysheid en deursettingsvermoë aan die dag te lê, in plaas daarvan dat God hulle uit elke moontlike moeilikheid “verlos.” God is mos in die proses om ons op te lei om vir ewig Sy *volle kinders* te wees in Sy Koninkryk en Gesin. Ons moet leer om Sy wil te verstaan en die *wysheid* te ontwikkel

om in baie verskillende situasies reg op te tree. Dan sal ons beter bevoeg en voorbereid wees om onder Christus as konings en priesters te heers in die Wêreld van Môre.

In Spreuke 22:3 sê ons Vader vir ons: “’n Skrande mens sien die onheil en verberg hom, maar die eenvoudiges gaan verder en word gestraf.” Natuurlik wil God nie hê dat ons lafhartig moet wees nie. Dit is ook duidelik dat ’n wyse man of vrou “hom of haarself soms moet verberg”—voorkomend optree—of in die geheim oor die stad se muur laat sak te word om te “vlug”—soos die apostel Paulus in ’n gevaarlike situasie gedoen het (Handelinge 9:23-25)!

Elkeen van ons moet dus ons eie situasie ontleed en bepaal watter aksie ons moet neem. Woon ons in ’n laagliggende kusgebied waar ons dalk in gevaar kan wees terwyl orkane, vloedgolwe of soortgelyke natuurrampe toenemend voorkom? Het ons ten minste ’n week se noodvoorraad kos en water, flitsbatterye, ’n noodhulpkissie, ’n radio wat met batterye werk, voorgeskrewe medikasie en ander noodsaaklike items? Het ons ons land of provinsie se noodplan gelees oor hoe om voor te berei vir noodgevallen soos orkane, aardbewings en terroriste-aanvalle?

Ek wil ook ons lesers—veral die Amerikaners—*ten sterkste aanmoedig* om voor te berei vir ’n *finansiële nood* wat ons nasie

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik—Is u Gereed?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Eersdaagse Wêreldregering: Hoe sal dit wees? 3

Wêreldleiers droom reeds vir dekades lank van en beplan vir ’n alleenregering. Tot op hede het die mens se beste pogings egter misluk, hoewel pogings voortduur en die doel steeds bestaan. U Bybel onthul dat daar binnekort ’n “Nuwe Wêreldorde” sal wees—en dat dit die meeste mense sal verbaas en skok!

Skadu’s oor Europa 10

Islam maak opgang op ’n vasteland wat vantevore deur Rooms-Katolieke oorheers was, maar die Vatikaan wil graag al die invloed wat hulle kan, behou. U moet verstaan hoe onheilspellende politieke en maatskaplike ontwikkelinge in Europa u in die toekoms gaan raak.

Oorwin u vrese 14

Bekommer u uself *siek*? Blyk dit dat die spanning van die moderne eeu in u pad staan om gemoedsrus te vind? God se Woord onthul bemoedigende beginsels wat u kan toepas ten einde die oorvloedige lewe te kan lei soos God vir u beoog het!

Streef God se Wil na in u lewe 19

“Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?” (1 Korintiërs 6:2-3). Die besef dat ons as lede van God se familie onder leiding van die lewende Jesus Christus **baie goed** kan doen om hierdie verwronge wêreld in die afsienbare toekoms reg te ruk, is uiters inspirerend!

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Profesie neem gestalte aan 24

Ons nuutste boekie,
Satan se vervalste Christendom,
bevat inligting wat vir eeue onderdruk
is, waarvan u egter kennis moet neem,
aangesien dit u lewe gaan raak
– binnekort en ook u ewige lewe!

Bestel u eie kopie – sommer vandag nog!

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

Gary F. Ehman

Streksredakteurs

Rod McNair (Filippyne)

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Douglas S. Winnail (Europa)

Nuusbuuro

June Olsen

Strekskantore

VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALIË:

GPO Box 772

Canberra, ACT 2601

Tel: (07) 5546 0472

Faks: (07) 5546 0768

KANADA:

P.O. Box 27202

Toronto, Ontario, M9W 6L0

Tel: (905) 671-3730

Faks: (905) 671-9599

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 435 3592

FILIPPYNSE EILANDE:

MCPD Box 1774

Makati City 1257, Philippines

Tel: 63-2-813-6538

Faks: 63-2-867-1569

BRITTANJE:

P.O. Box 9092

Motherwell, ML1 2YD Scotland

Tel/Faks: 44-1698-263-977

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Eersdaagse Wêreldregering: Hoe sal dit wees?

Deur Roderick C. Meredith

'n Ware "Nuwe Wêreldorde" sal binnekort op hierdie aarde gevestig word. Die meeste godsdienstige mense verstaan dit nie. Die meeste leraars verstaan dit ook nie, maar dit kom binnekort! Dit sal u lewe dramaties raak. Dit kom, of die mensdom daarvan hou al dan nie. Trouens, die meeste mense sal aanvanklik nie daarvan hou nie en hulle sal regstreeks teen die komende Heerser van hierdie aarde veg wanneer Hy kom!

Waarom? Hoe?

Die grote God wat ons lewe gee, is besig om *kragtig* in mensesake in te gryp. Die God van die Bybel sal presies doen wat Sy geïnspireerde Woord duidelik sê—*of ons dit glo of nie*. Vreemd soos dit mag klink, is die wêreldoorheersing van die Amerikaners en Britse afstammeling besig om tot 'n **einde** te kom, soos ons in die volgende dekade toenemend sal begin verstaan! Dit sal die ganse aansig van wêreldsake verander en ons lewens sal *nooit* weer dieselfde wees nie.

Tesame met die uiteindelijke val van die Engelssprekende nasies, sal 'n Groot Verdrukking wat Jesus Christus voorspel het, die huidige orde van die menslike samelewing heeltemal vernietig (Mattheus

24:21-22). Dan, na dramatiese "tekens" (vers 30), sal die ware Jesus Christus van die Bybel na die aarde terugkeer. Hy sal terugkeer as *Koning* oor al die ander heersers van hierdie aarde: "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Openbaring 11:15).

Sal die nasies van hierdie aarde verheug wees? *Glad nie!* Baie van ons in die Westerse, Christen-belydende nasies neem soms aan dat die meeste mense "Christen" is en soms aanvaar ons dat die meeste belydende Christene regtig die Bybel glo. Nie een van hierdie aannames is egter korrek nie!

Wanneer u die uitslae van verskeie meningsopnames onder godsdienstige mense lees, sal u vinnig besef dat selfs die meeste Katolieke en Protestante kerkgangers baie min Bybelkennis het. Baie meningspeilers noem Amerika 'n "nasie van Bybelongeleterdes". 'n Onlangse opname deur die Barna Groep het hierdie uitslag gegee: "Oor die afgelope 20 jaar het ons gesien hoe die nasie se teologiese sienings geleidelik minder met die Bybel belyn is. Amerikaners het steeds ontsag

vir die Bybel en hou daarvan om hulself as mense te sien wat die Bybel glo, maar die bewyse sê anders. Christene het toenemend geestelike sienings begin aanvaar wat uit Islam, Wikka, sekulêre humanisme, die Oosterse godsdienste en ander bronne kom. Omdat ons 'n grootliks Bybelongeleterde samelewing bly, is min mense gesteur deur of selfs bewus van die glybaan na sinkretisme—'n geloofstelsel wat blindelings oortuigings van verskillende geloofsperspektiewe saamvoeg." Dit alles is geen verrassing nie, aangesien skandelik baie kerkgangers nie eens die vier Evangelies kan opnoem nie, wat nog te sê waarlik verstaan wat hulle sê!

Dit behoort geen verrassing vir ons te wees nie, want *u eie Bybel* onthul duidelik en herhaaldelik dat hierdie ganse wêreld mislei word! Omdat die meeste mense mislei is, besef hulle natuurlik nie dat hulle mislei word nie. Indien hulle geweet het dat hulle mislei is, sou hulle nie mislei wees nie, *of hoe?*

Let op hierdie geïnspireerde verse: "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom

neergewerp” (Openbaring 12:9). Na Christus se Wederkoms sal Satan gebind en in 'n plek van bedwang geplaas word, “sodat hy die nasies **nie meer sou verlei ... nie**” (Openbaring 20:3). Onthou, soos die apostel Paulus skryf, Satan het hierdie wêreld **verblind**: “Maar as ons evangelie dan nog *bedek* is, is dit bedek in die wat verlore gaan, *naamlik* die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne **verblind** het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie” (2 Korintiërs 4:3-4).

Ons beter ophou **aanneem** dat die “hele wêreld” wat mislei word, net beteken dis 'n paar mense “êrens elders”!

Die WARE “Evangelie” van Jesus Christus

Indien u Matteus 24:30 aandagtig lees, sal u sien dat pleks om te juig, sal die nasies van hierdie wêreld “rou bedryf” met die Tweede Koms van Jesus Christus. Die Bybel onthul ook duidelik dat wanneer Christus terugkeer, die tien konings van die komende Diermag *en hul reuse leërs* teen die terugkerende Seun van God sal **veg**! “En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier. Hulle sal teen die Lam **oorlog voer**, en die Lam sal hulle

oorwin—want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings—en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou” (Openbaring 17:12-14).

Hoe kan dit *moontlik* wees? Hoe *kan* die leërs van 'n “Christen”-Europa Christus *regstreeks aanval* met Sy Wederkoms? Omdat die Bybel so sê!

Die *waarheid* is dat die *ganse Bybel* ons wys op 'n tyd van *wêreldregering* onder Christus aan die einde van hierdie huidige tyd. In 'n geïnspireerde preek kort na Pinkster, sê die apostel Petrus dat God Jesus Christus na die aarde sal terugstuur, “wat *die hemel moet ontvang* tot op die *tye van die wederoprigting* van **alle dinge**, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van **al sy heilige profete**” (Handelinge 3:20-21).

So vertel Petrus ons in die *Nuwe Testament* dat “al” die profete van die *Ou Testament* die komende tyd van “wederoprigting” beskryf het. Wat onthul die Bybel dan duidelik oor hierdie tyd wat kort voor ons lê? Dit is inderdaad 'n boodskap waarvan die meeste mense bitter min gehoor het! Dit beskryf egter duidelik 'n **ontsagwekkende toekoms** vir ons kinders en kleinkinders *nadat* Jesus Christus na die aarde terugkeer. Dit is 'n *noodsaaklike deel* van die Goeie Nuus wat Christus en Sy Apostels gepreek het, want Jesus Christus het *nie* gekom om *slegs* oor persoonlike

saligmaking te preek nie, maar ook oor 'n komende **wêreldregering** wat *vrede* en **vreugde** na hierdie ganse aarde sal bring!

Die ware Jesus van u Bybel het die boodskap van die Koninkryk van God kom preek (Markus 1:14). Dit was *nie* 'n evangelie oor die een of ander vae warm gevoel in u hart, of om bloot die *Persoon* van Christus “te aanvaar” nie. Dit was eerder oor die eerskomende *regering van God*, wat ware vrede, voorspoed, gesondheid en geluk na hierdie siek en deurmekaar wêreld sal bring. Jesus het Sy oorspronklike Apostels *beloof*: “En dit is julle wat altyddeur by My gebly het in my versoeking. En Ek beskik vir julle 'n *koninkryk* soos my Vader dit vir My beskik het, sodat julle kan eet en drink aan my tafel in my koninkryk en *op trone sit* om die twaalf stamme van Israel te **oordeel**” (Lukas 22:28-30).

Baie teoloë probeer om die talle duidelike soortgelyke stellings regdeur die Bybel “weg te vergeestelik”, maar **indien** Jesus gesê het wat Hy bedoel en bedoel het wat Hy sê, is dit baie *duidelik* dat 'n luisterryke **Nuwe Wêreldorde** inderdaad op pad is—'n *letterlike* koninkryk of **regering**, om met Sy Tweede Koms *hier op aarde* gevestig te word en wat “die Koninkryk van God” genoem word.

Let op wat die apostel Johannes besiel is om te skryf, waar hy Jesus se Wederkoms na die aarde met die “laaste basuin” beskryf: “En die

sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15). Let daarop dat die terugkerende Jesus Christus oor die “koninkryke van **hierdie aarde**” gaan regeer **nie oor** mense in die hemel nie!

Lees ook die geïnspireerde “lied van die heiliges” wat in Openbaring 5:9-10 aangeteken staan: “Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers.” Dus kom daar 'n tyd wanneer die ware heiliges van God beslis saam met Christus **op die aarde** gaan regeer. Daar is nie *een enkele vers enige plek* in u Bybel wat belof dat dit die beloning van die heiliges is om “hemel toe te gaan” nie!

Waarom versuim die algemene kerke dan om die kragtige boodskap oor die eerskomende Koninkryk van God op hierdie aarde te preek? **Waarom** dring hulle daarop aan om oor die *Persoon* van Jesus te praat en tog bykans *heeltemal* die kragtige **boodskap na te laat** wat Hy van die Vader gebring het **r a k e n d e ' n n u w e wêreldregering?**

Waarom?

Die apostel Paulus sê baie

duidelik vir ons dat dit die **doelwit** van die ware Christen is om deel te vorm van daardie letterlike regering wat op hierdie aarde opgestel gaan word: “Weet julle nie dat *die heiliges die wêreld sal oordeel nie?* En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?” (1 Korintiërs 6:2-3). In hierdie skrifgedeelte verduidelik Paulus dat ware Christene hulle moet voorberei om hierdie ganse aarde te “oordeel” of te **regeer**. Soos die apostel Johannes ons vertel: “Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank” (Openbaring 20:6).

'n Ontslagwekkende DOELWIT

Wat 'n opwindende toekoms! Wat 'n ontslagwekkende **doelwit!** Wat 'n wonderlike **rede** om God te dien, ons sondes te oorwin en om ons lewens *ten volle oor te gee* om Christus in ons te laat leef en om in ons die einste *karakter van God* te bou (verg. Galasiërs 2:20)! Dan, en *slegs dan*, sal ons geskik wees om saam met Christus in Sy komende Koninkryk te regeer.

God se Woord sê vir ons: “Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van

die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees” (Daniël 7:27). Ons moet leer om Paulus se geïnspireerde woorde te **glo**: “Weet julle nie dat *die heiliges die wêreld sal oordeel nie?* En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?” (1 Korintiërs 6:2).

Tog glo die meeste belydende Christene dit **nie**, want hulle is dit nooit **onderrig** nie. Hulle verstaan nie naastenby die **opperdoel** waarvoor ons hier op aarde geplaas is nie—wat selfs dít wat ek hier beskryf, oortref!

Jesus praat in die eerste persoon en vertel ons: “En aan hom wat **oorwin** en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het” (Openbaring 2:26-27). Daardie ware Christene wat Satan, die wêreld en hulself oorwin, sal **ontslagwekkende** verantwoordelikhede ontvang onder Jesus Christus om die volke te regeer en die vreeslike probleme van hierdie wêreld se samelewing uit te stryk.

Sal ons regstreeks onder Jesus Christus regeer—of het die lewende Christus reeds 'n **plan** ingedagte—'n *ganse regeringstruktuur* wat Hy en die

Vader in die Wêreld van Môre gaan gebruik?

Die profeet Abraham word die “vader” van die getroues genoem (Romeine 4:1, 11-12, 16). Hy, tesame met Isak en Jakob, sal topposisies in Christus se regering beklee—moontlik soortgelyk aan kabinetministers of belangrike raadgewers in vandag se samelewing (Mattheus 8:11). Ander uitsonderlike diensknegte van God uit antieke tye sal ook in topposisies wees. In een skriftuurlike “visioen” van die komende Koninkryk van God (Mattheus 17:1-9) word beide Moses en Elia aangedui as sleutelfigure in die komende Koninkryk van God.

Dan is daar koning Dawid van antieke Israel, die een wat God beskryf het as “'n man na my hart, *wat al my welbehae sal doen*” (Handelinge 13:22). Wat sal Dawid doen in Christus se wêreldregering? Baie teksverse gee vir ons die antwoord. Soos Hosea ons in 'n profesie vir die **laaste dae** vertel: “Want die kinders van Israel sal 'n lang tyd bly sit sonder koning en sonder vors en sonder slagoffer en sonder klippilare en sonder efod en huisgode. Daarna sal die kinders van Israel hulle bekeer en die HERE hulle God soek en Dawid hulle koning, en met siddering aankom na die HERE en na sy goedheid in die laaste van die dae” (Hosea 3:4-5).

God vertel ons dat nadat die tienstam “Huis van Israel”, tesame met die Joodse volk, almal van hul ballingskap

terugkeer: “En op dié dag, spreek die HERE van die leërskaar, sal Ek sy juk verbreek van jou nek af en jou stroppe stukkend ruk; en vreemdes sal hom nie meer diensbaar maak nie. Maar hulle sal die HERE hulle God dien en hulle koning Dawid wat Ek vir hulle sal verwek” (Jeremia 30:8-9). Esegïel 34:23-24 en Esegïel 37:24-25 beskryf Dawid as die komende koning oor die stamme van Israel, met die Jode en Israeliete uiteindelik weereens verenig as *een nasie* (verse 19-22). Daar sal **geen** “anti-Semitisme” meer wees nie wanneer al die stamme van Israel uiteindelik beseft dat hulle waarlik broers is!

Die Twaalf Apostels sal regstreeks onder koning Dawid dien en elkeen sal 'n individuele stam of *nasie* van Israel regeer. Jesus Self het Sy Apostels beloof: “En Jesus sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf **trone** sal sit en *die twaalf stamme van Israel sal oordeel*” (Mattheus 19:28).

HEERSKAPPY aan ware “heiliges” gegee

Indien ons ons waarlik aan God oorgee en Christus gebruik ons in Sy komende regering, wat gaan *ons* dan doen? In die geïnspireerde “gelykenis van die ponde” (of “goue muntstukke” in die Nuwe Vertaling), word aan God se *getroue* dienaars **heerskappy** oor stede in Christus se regering gegee:

“Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, *moet jy gesag hê oor tien stede*” (Lukas 19:11-19).

“**Maar,**” sal party van die liberale geleerdes kwytraak, “dit was net 'n gelykenis. Julle dink tog nie dat Jesus vertel het van ware heerskappy oor regte stede hier op aarde nie, of hoe?”

Ja! Ek dink dit beslis!

Selfs die apostel Paulus, wat **nie** in gelykenisse gepraat het nie, verduidelik: “Weet julle nie dat die *heiliges die wêreld sal oordeel nie*? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?” (1 Korintiërs 6:2-3).

Vir bykans 2 000 jaar het verskeie geleerdes, monnike, biskoppe en teoloë met mening probeer om die konsekwente lering van die Skrif te “verwater” dat 'n letterlike **regering op hierdie aarde** opgestel gaan word onder die regstreekse heerskappy van Christus en die herrese heiliges! Tog het die vroeë Christene almal hierdie geïnspireerde waarheid verstaan en geglo. Ter beskrywing van die oortuigings van die vroeë Kerk in sy betekenisvolle werk, *The Decline and Fall of the Roman Empire*, skryf bekende geskiedkundige Edward Gibbon:

“Die antieke en gewilde leerstelling van die Millennium was nou verbind met die tweede

koms van Christus. Net soos die werke van die skepping in ses dae voltooi is, is hul bestaan in hul huidige staat, volgens 'n tradisie wat aan die profeet Elia toegeskryf word, vir sesduisend jaar vasgestel. Volgens dieselfde vergelyking is daar afgelei dat hierdie lang tydperk van arbeid en twis, wat nou bykans verstreke is, opgevolg word deur 'n blye Sabbat van eenduisend jaar; en dat Christus, met die triomfantlike groep heiliges en die uitverkorenes wat die dood vrygespring het, of wat wonderbaarlik opgewek is, op aarde sou regeer tot die aangewese tyd vir die laaste en algemene opstanding.”

So erken een van die mees vooraanstaande geskiedkundiges oor hierdie tydperk dat die oorspronklike Christene geglo het *presies* wat ons u in hierdie tydskrif vertel! Hulle het beslis geglo dat die ware heiliges “op die aarde *sou regeer*.”

In Daniël onthul die Almagtige God dat aan die tyd van die einde: “Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die

heerskappy sal hulle vereer en gehoorsaam wees” (Daniël 7:27). Inderdaad, soos die apostel Petrus dit stel, praat God van Christus se komende heerskappy oor die aarde en die “tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van *al* sy heilige profete” (Handelinge 3:21).

Ons het ook gesien dat Christus en die Vader 'n spesifieke **regeringstruktuur** beplan met besliste verantwoordelikhede vir Abraham, Moses, Dawid, die Apostels en ander ware heiliges van God. Ons, die “heiliges”, **mits** ons sal toegee om Christus oor ons lewens te laat beheer uitoefen, sal ook verantwoordelike posisies gegee word om individuele stede of moontlik departemente in Christus se regering te beheer, met heerskappy wat sal plaasvind van die nuwe wêreldhoofstad, Jerusalem, af. Wat 'n **opwindende** lewe lê pas voor ons in Christus se komende Koninkryk!

Christus se GLORIERYKE Koninkryk

In Sagaria 14:1-4 gee God se Woord vir ons 'n uiteengesette beskrywing van Christus se Wederkoms en die vroeë jare van Sy Koninkryk: “Kyk, daar kom 'n dag vir die HERE; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, *o Jerusalem!* Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal

ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie. En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê.” Dan onthul God in vers 9: “En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde.” Christus en die heiliges sal dus *op die aarde* wees, **nie** in die hemel nie!

Volgende, dadelik na Christus se Wederkoms, sal Hy al die nasies *straf* wat teen Jerusalem geveg het (verse 12-13). Dan, sal “die **rykdom** van al die nasies rondom ... ingesamel word: goud en silwer en kleres—'n groot hoeveelheid” (vers 14). God sal die fisiese volke van Israel en Juda seën met ontsagwekkende **rykdom** wanneer hulle hulle bekeer het en na die land Israel gebring word ná hul nasionale gevangenskap.

Wat gebeur dan?

Wat volgende gebeur, na Christus se Wederkoms, is iets waarvan die meeste “algemene Christene” **niks** gehoor het nie, want hulle is nooit oor die Sabbat en godsdiensfeeste geleer wat deur God vir die **ganse** mensdom deur al die eeue gegee is nie. Let hierop: “En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërs, en om

die huttefees te vier. En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërskaare, te aanbid nie—hulle sal geen reën kry nie” (verse 16-17).

Die belydende Christenmense van die wêreld is geleer dat **God** se Sabbatte en Feeste “Joods” is en dus nie onderhou behoort te word nie. Die lewende Christus sal hierdie mense **skud** deur letterlik hul water af te sny en deur uiteindelik “plae” op hulle te laat neerkom, sou hulle botweg weier om te kom en “nie opgaan om die huttefees te vier nie” (vers 18).

Egiptenare, Chinese, Amerikaners—**almal** sal leer om hierdie besielende Fees van God (en **al** God se Feeste!) te “vier” wat die millenniale heerskappy van Christus uitbeeld en ook die gevolglike groot “fees van die oes” van siele wanneer God se waarheid die aarde sal deurweek. Toe God hierdie Feeste die eerste keer vir antieke Israel gegee het, is die herfsfees (in die Noordelike Halfrond) genoem die “Fees van die Insameling” (Eksodus 23:16). Jesus en die Apostels het hierdie Fees onderhou (Johannes 7:1-14), asook *al* God se Feeste. Binnekort sal God die hele wêreld leer om hierdie Feeste te **onderhou** wat Sy groot **plan** uitbeeld. Skryf gerus vir ons baie insiggewende boekie, *Die Heilige Dae: God se meesterplan*, indien u meer oor hierdie belangrike onderwerp te

wete wil kom.

Dit mag nou vir ons moeilik wees om ons die *opwinding* en **vreugde** van tallose mense van regoor die wêreld in te dink wanneer hulle na Jerusalem kom om God se Feeste te **onderhou**, want hulle sal weet dat Christus die Koning letterlik *persoonlik* daar sal wees, nie net in Gees nie. Hulle sal gaan om hulle te verheug in God se seëninge in die Wêreld van Môre en om die Koning van koningste **aanbid!**

God is die oorsprong van prag en alle goeie musiek. Hy het koning Dawid, koning Salomo en andere gelei om manjifieke kore te reël om met spesiale geleenthede lofliedere tot God te sing (1 Kronieke 15:16; 2 Kronieke 5:12-13). Kan u u die ontsagwekkende musiek indink wat gepaard sal gaan met God se Feeste en die aanbidding van die lewende Christus in Jerusalem? Kan u u die grootse optogte indink van hooggeplaastes en mans en vroue van alle vlakke van die samelewing, wat na die Heilige Stad gaan—**opgewonde** vir die geleentheid om hul Skepper van aangesig tot aangesig te sien en te aanbid? Baie sal vir Christus, die Koning, pragtige geskenke bring. Byna almal sal kosbare items bring waarmee hulle die “Here van die Leërskaare” sal **aanbid** wat *persoonlik* op Sy troon in Jerusalem sit!

Omdat Jesus Christus “gister en vandag dieselfde [is] en tot in ewigheid” (Hebreërs 13:8), sal **d a a r g e d u r e n d e** Sy duisendjarige heerskappy

ongetwyfeld baie sodanige geleenthede wees soos dit wat hierbo genoem word. Die honderde sangers en musikante het in volmaakte harmonie gesing, lofprys gebring en God aanbid toe “die huis van die HERE, vervul [is] met 'n wolk. En die priesters kon vanweë die wolk nie staan om diens te doen nie, want die **heerlikheid** van die HERE het die huis van God vervul” (2 Kronieke 5:14)!

Gehoorzaamheid bring SEËNINGE

Die profeet Jesaja vertel ons: “En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem” (Jesaja 2:2-3).

God se groot geestelike **Wet**—die Tien Gebooue—sal die grondslag vorm vir Christus se regering in die Wêreld van Môre. Deur die onderrig en leiding van Christus en Sy herrese heiliges, sal die hele wêreld leer **hoe** om God lief te hê en te aanbid en *hoe* om waarlik hul naaste lief te hê en vir hulle om te gee. God se Woord beskryf daardie tyd: “Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde

sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek” (Jesaja 11:9).

Jesaja beskryf wat sal gebeur wanneer duisende Israëliete teruggebring word uit slawerny en selfs baie van hul kinders aan hulle terugbesorg word: “Slaan jou oë rondom op en kyk—hulle almal kom bymekaar, hulle kom na jou toe; jou seuns kom van ver, en jou dogters word op die heup gedra. Dan sal jy dit sien en straal van **vreugde**, en jou hart sal ontroer en verruim word; want die rykdom van die see gaan na jou toe oor, die skatte van die nasies kom na jou toe aan” (Jesaja 60:4-5).

Let op die fisiese **seëninge** wat op 'n herenigde Israel en Juda uitgestort sal word: “Ja, op My wag die eilande, en die skepe van Tarsis kom vooraan, om jou seuns van ver te bring. Hul silwer en hul goud is by hulle, vir die Naam van die HERE jou God en vir die Heilige van Israel, omdat Hy jou heerlik gemaak het. En uitlanders sal jou mure bou, en hulle konings sal jou dien; want in my toorn het Ek jou geslaan, maar in my welbhae het Ek My oor jou ontferm. En jou poorte sal altyddeur oopstaan; hulle sal bedags of snags nie gesluit word nie, *om na jou toe aan te bring die rykdom van die nasies en hulle konings in*

triomftog” (Jesaja 60:9-11).

Dat sal wees soos toe God vir Job **dubbel** gegee het wat Hy van hom geneem het (Job 42:10). Waarlik, die bedorwe en arrogante afstammeling van die sogenaamde “Verlore Tien Stamme” van Israel word vandag onder die Amerikaners en volke van Britse herkoms, asook die *vredeliewende* volke van noordwes Europa aangetref. Versoek gerus en *bestudeer* ons **gratis** boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika*, indien u nog nie hierdie grondliggende waarheid verstaan nie.

Tensy 'n ongekende nasionale **bekering** binnekort plaasvind, sal ons mense verneder, gekasty en in *nasionale slawerny weggevoer* word! Dan, wanneer ons begin het om ons “les te leer”, sal God ons volke terugbring na die land Israel en hulle op waarlik ontsagwekkende wyse **seën**.

Dan, soos ons gesien het, sal die **wet** van Jerusalem af uitgaan. Die ganse wêreld sal God se ware **weë** leer en **vrede** en **vreugde** sal uiteindelik die ganse wêreld deurweek! Uiteindelik sal die “nuwe verbond” verstaan en *toegepas* word deur beide die “die huis van Israel **en** die huis van Juda” (Jeremia 31:31). Want God sê:

“Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my **wet** in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees” (vers 33).

Wanneer Satan aan die begin van God se heerskappy verban word (Openbaring 20:1-3), sal mense gou hul vyandiggesindheid teenoor God en Sy groot geestelike **wet** oorwin. Dan sal daar 'n uiterlike **vrede** oor die ganse aarde en 'n “innerlike vrede” die “vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan” (Filippense 4:7) op die mensdom neerdaal op 'n wyse wat nog nooit tevore in die menslike geskiedenis ervaar is nie.

Dan sal Christus se eerskomende **wêreldregering** aan bewind wees. Ons kan *deel* wees van daardie regering **mits** ons bereid is om waarlik *aan God oor te gee* en werklik te **doen** wat Hy beveel! Ons kan **baanbrekers** wees wat Christus bystaan om hierdie verwarde wêreld te *herorganiseer* en die nasies *God se weë* te leer. 'n **Glorieryke** toekoms wag op hierdie ganse aarde met die Wederkoms van Jesus Christus! 

Het u geweet ...

hierdie, sowel as vroeër soortgelyke publikasies, tesame met verskeie boekies wat talle belangrike lewensvrae op baie insiggewende wyse beantwoord, is gratis beskikbaar by:

www.wvm.co.za

Skadu's Oor Europa

Deur Douglas S. Winnail

Bybelprofesie onthul dat skrikwekkende gebeure in Europa op die drumpel staan om die verloop van wêreldgeskiedenis te verander!

Huidige gebeure en Bybelprofesie loop op wonderbaarlike wyse in Europa *ineen*. Skadu's van die verlede vorm die hede en gee gestalte aan die toekoms van hierdie belangrike deel van die aarde. Hierdie onheilspellende skadu's—soos spoke van die Middeleeue—verteenvoerdig goed-gedefinieerde geskiedkundige magte wat die rigting van Europese geskiedenis deur die eeue heen beïnvloed het. Hierdie *spoke van die geskiedenis verrys weereens*, om onheilspellende skadu's oor die toekoms van Europa en die wêreld te werp. Dit is betreurenswaardig dat ons moderne samelewing—'n verbruiker-georiënteerde sprokiesland—so behep is met onmiddellike druk en tydelike plesier dat ons lesse wat die geskiedenis ons kan leer, ignoreer.

Belangrike neigings doem in Europa op wat *steurende* bande met die verlede en *besliste* skakels met Bybelprofesie het. Tog blyk dit dat min mense beseft dat Europa se verlede belangrike insigte in sy hede en toekoms bied. Die meeste hedendaagse geleerdes, skrywers en beriggewers verstaan nie dat die Bybel die *ware betekenis* van die dinamiese transformasies wat tans in Europa plaasvind—en *waartoe* hierdie gebeure uiteindelik sal lei—verduidelik nie. Die volke van Europa beweeg na 'n verrassende en onstuimige toekoms wat die verloop van wêreldgeskiedenis dramaties sal verander. U moet weet hoe die skadu's wat oor Europa verrys, u lewe in die nabye toekoms sal beïnvloed!

Die suidelike bedreiging

Een van die grootste skadu's wat oor Europa opdoem, is die bedreiging van terrorisme deur Moslem-ekstremiste. Hierdie bedreiging werp nie net 'n onheilspellende skadu oor Europa nie, maar oor groot dele van die aarde. Tog is terroriste-aktiwiteite slegs die dramatiesste aspek van 'n groeiende bedreiging vir Europa *vanuit die suide*. In onlangse dekades, het Europeërs die

herlewing van die Islamitiese kultuur met toenemende angs dopgehou—in hul midde en op hul suidelike grense. Islam is die vinnigste groeiende geloof in die wêreld (*World Religions*, Keene, bl. 144). Geboortesyfers in Islamitiese lande is twee tot drie keer hoër as dié van Europeërs (wat geen groei in geboortesyfers toon nie). Een-vyfde van die wêreld se bevolking is nou Moslems. Hoë geboortesyfers en die gebrek aan ekonomiese geleenthede in baie Islamitiese lande het miljoene immigrante na Europa gedryf, waar hulle nou bykans 10 persent van die bevolking in party Europese lande uitmaak.

Hierdie Islamitiese herlewing en hordes immigrante word beide *gevoel en gevrees* in Europa, waar baie Westeringe voel dat “hulle nie binnegeval word deur leërs en tenks nie, maar deur swerwers wat ander tale praat, ander gode aanbid, aan ander kulture behoort, en, so vrees hulle, hulle van hul werkgeleenthede sal ontnem, hul land sal beset, van hul welsynstelsel sal leef en hul leefwyse sal bedreig” (*Global Migration Crisis*, Weiner, bl. 2). In Europa het hierdie vrese vyandigheid teenoor Moslems aangeblaas en steun verwek vir regse, nasionalistiese, anti-immigrasie politieke partye. Een Franse geleerde weeklaag: “Geskiedenis, nabyheid en armoede verseker dat Frankryk en Europa bestem is om oorweldig te word deur mense van mislukte samelewings *van die suide*” (*Strangers at the Gates*, Miller, bl. 80).

Terwyl liberale Westerse leiers praat van verdraagsaamheid, samesprekings en samebestaan in 'n multi-kulturele samelewing, wys die werklikhede van die geskiedenis in die teenoorgestelde rigting. Vir bykans 1 400 jaar, was die verhouding tussen Islam en “Christendom” stormagtig en bloedig met verowering en herverowering, slagtings en vergeldings. In die 600's het Moslemkrygers uit die Midde-Ooste Europa oor Noord-Afrika binnegekom, vasbeslote om te verower en hul geloof met die swaard te versprei. In om en by

1100 n.C., het Europese pouse die kruistogte van stapel gestuur—gewapende pogings om die Heilige Land te herower. Duisende ridders het die “kruis opgeneem” en koers gekies na Jerusalem om “vir God” te veg. Moslemleërs het egter hierdie gebiede herower en voortgegaan om Konstantinopel en groot dele van die Europese vasteland te verower en om Wenen te beleër. Vir bykans 1 000 jaar het Europa die konstante dreigement van die Islamitiese wêreld *aan die suide en ooste* gevoel. Professor Samuel Huntington van die Harvard Universiteit neem waar, “Islam is die enigste samelewing wat die voortbestaan van die Weste in onsekerheid kon dompel en het dit minstens twee keer gedoen” (*The Clash of Civilizations*, bl. 210).

Wat baie mense in die Weste blykbaar nie besef nie, is dat Islam en Westerse demokrasie **eenvoudig nie verenigbaar is nie** (sien “*Islam and democracy: the impossible union*,” *The London Times*, 23 Mei 2004). In 'n demokrasie maak gewone mense wette; Islamitiese samelewings verkry hul wette uit hul geloof se heilige boek, die Koran. Vooraanstaande Moslems het verklaar dat “die hooforsaak van eietydse euwels die verspreiding van demokrasie” is en dat “net een ambisie waardig is van Islam... om die wêreld te red van die *vloek van demokrasie*” (*ibid.*). Een ontnugterende les van die vorige eeu is “die algemene mislukking van liberale demokrasie om pos te vat in Moslemlande” (Huntington, bl. 114).

Hierdie onverenigbaarheid brei uit na die godsdienssfeer. Islam en Christendom *maak albei aanspraak* daarop dat hulle die “ware” geloof is. Hulle is beide sendingsgelowe wat poog om ongelowiges te bekeer—wat *alle ander gelowe* insluit. Christendom leer dat Jesus die Seun van God is; Moslems sê God het nie 'n seun gehad nie en dat dit lasterlik is om so te sê. Baie Moslems beskou Westerse, sekulêre, materialistiese, hedonistiese samelewings as dat hulle “God vergeet” het en dat hulle *die wêreld korrup maak* met losbandige waardes wat versprei word deur films, mode en die media. Dit is hoekom, soos een militante Moslem gesê het, “ons nie probeer om met julle samesprekings te voer nie. Ons probeer julle *vernietig*” (*The London Daily Telegraph*, 14 Maart 2004). In die een land na die ander, het die herlewing van Islam gelei tot die *verwerping* en *verafskuwing* van Westerse instellings en

waardes wat as goedkoop, vernederend, ondergeskik en 'n *bedreiging vir Islamitiese kultuur* gesien word!

Insigryke waarnemers erken dat die herlewing van Islam en die opgang van Islamitiese terrorisme maar net die *nuutste hoofstuk* in die eeue-oue stryd tussen Islam en die “Christendom” vir wêreldoorheersing is (sien *A brief History of the Crusades*, Hindley). Britse geskiedkundige Paul Johnson skryf: “Ons is duidelik besig om 'n nuwe fase van 'n ou oorlog binne te gaan” (*ibid.*). 'n Prominente Moslem het 'n dekade gelede gesê dat die Weste se “volgende konfrontasie beslis van die Moslemwêreld sal kom” (*Time*, 15 Junie 1994, bl. 24). Andere het opgemerk dat “*Europa op die voorste linie sal wees*” in hierdie opkomende stryd tussen die Weste en Islam, en dat 'n konfrontasie met Islam kan “*dien om die Europese identiteit te versterk ... op 'n kritieke tyd*” vir die proses van Europese samesmelting—'n feit wat deur Europese leiers *uitgebuit kan word* (Huntington, bl. 212). In die lig van hierdie ontwikkelinge en met die heengaan van die Russiese bedreiging, word NAVO se beplanning vir Europese verdediging “toenemend gerig op die potensiele *bedreigings van die suide*” (*ibid.*, bl. 215).

Maar wat is die *werklike belang* van die herlewing van Islam en die groeiende bedreiging vir Europa *uit die suide* en waartoe sal dit aanleiding gee? Terwyl geleerdes in die veld van internasionale betrekkinge huiwer om die toekoms te voorspel, *onthul* die Bybel *die belangrikheid* van die gebeure wat ons aanskou, en *voorspel waarheen* dit sal lei. Meer as 2 500 jaar gelede, het die profeet Daniël, (waar hy in 'n taal skryf wat die moderne kwellinge duidelik weergee) gesê, “Maar **in die tyd van die einde** sal die *koning van die Suide* met hom [die koning van die Noorde] in botsing kom, en die koning van die Noorde sal op hom afstorm met strydwagens en perderuiters en baie skepe, en hy sal daarmee in die lande inkom en instroom en dit oorstroom” (Daniël 11:40-41). Daniël se verwysingspunt is Jerusalem. Hy voorspel duidelik dat *net voor die Wederkoms van Jesus Christus, militante aktiwiteite deur 'n mag in die suide* 'n militêre reaksie sal ontlok van 'n mag in die noorde. Dit is die neiging wat vandag ontwikkel tussen Europa en die Islamitiese volke aan Europa se suide en ooste. Islamitiese terroriste-aktiwiteite kan die

sneller wees wat aanleiding gee tot die aktivering van ander gebeure waarop hierdie profesie dui. Die jare wat voorlê, sal beduidend wees.

Die opgang van Rome

Nog 'n ontwikkeling wat 'n lang skadu oor Europa werp, is die groeiende invloed en toenemend sigbare rol van die Pous van Rome. Pous Johannes Paulus II het te voorskyn gekom as die leidende woordvoerder van Westerse "Christendom" en was moontlik selfs die prominentste godsdiensteier in die wêreld. Gedurende sy 25 jaar as pous, het hy die aardbol deurreis en internasionale gestalte verkry. Hy het raad gegee en wêreldleiers vermaan, ambassadeurs van ander nasies ontvang en sy gesante op diplomatieke sendings om die aarde laat reis. Soos die leier van 'n nasie, het hy selfs die Verenigde Nasies toegesprek.

Terwyl Johannes Paulus II meer gedoen het as enige onlangse pous om die rol van die pousdom op die wêreldtoneel op te hef, is sy werklike oorsprong in suidelike Europa—Rome—vanwaar hy 'n onmiskenbare skadu gegooi het. Soos vorige pouse, het Johannes Paulus II getrou pogings om Europa te verenig, gesteun. As hoofwoordvoerder van die Rooms-Katolieke Kerk, het hy sendbriewe aan Europese leiers saamgestel, wat byvoorbeeld sê: "Europa benodig 'n *godsdienstdimensie* ... die Katolieke Kerk is oortuig daarvan dat sy 'n unieke bydra kan maak in die vooruitsig van vereniging ... die Kerk van vandag, met 'n hernude sin vir verantwoordelikheid, is bewus van die dringendheid om... Europa te help om haarself te bou deur haar oorspronklike Christelike wortels te laat herleef" (*Ecclesia in Europa*, bl. 23, 80). Johannes Paulus II was bewus van hoe sy voorgangers die geskiedenis van Europa en die wêreld gevorm en ontwikkel het, en hy het die Rooms-Katolieke Kerk beskou as God se instrument vir die herskepping van geskiedenis en vorming van die toekoms, soos beskryf in sy sendbrief van Januarie 2001, *At the Beginning of The New Millennium* (sien bl. 27, 32).

Die geskiedenis teken egter die ontnugterende besonderhede aan van wat gebeur het toe die pousdom geheers het oor 'n verenigde Europa onder die Rooms-Katolieke geloof. Bkering en eenheid is dikwels bereik deur die punt van 'n swaard. Jode is verban uit Rooms-

Katolieke lande, of saamgejaag in ghetto's en verplig om kenmerkende klere te dra, eeue voor die Nazi's dieselfde gedoen het (sien *Unholy War: The Vatican's Role in the Rise of Modern Anti-Semitism*, Kertzer). Moslems is uit Europa verban en kruistogte is van stapel gestuur teen ongelowiges—selfs teen andersdenkende Christene (sien *The Cathars*, Barber). Afwykenes is op brandstapels verbrand, gevange geneem of gevonniss tot die galeie—*deur die bevel en met die seën* van Middeleeuse pouse! Die geskiedenis van hierdie periode toe Rooms-Katolisisme oor Europa geseëvier het, sorg vir grusame leesstof (sien *The Inquisition*, Baigent & Leigh). Europa se bloedbevleete verlede behoort hedendaagse Europeërs katvoet te maak om weer onder die vaandel van die pouse van Rome te verenig! Ewenwel, hierdie "spoke van die verlede" *verry*s *weereens* en *betuig hul begeerte* om weereens 'n lang skadu oor Europa te werp.

Die huidige opgang van die pousdom in Europa is ook *profeties betekenisvol!* Dit word weerspieël in verskeie profesieë wat op eindtyd gebeure fokus. Daniël het voorspel dat 'n "ander horinkie" leiding sou hê oor verskeie herlewings van die Romeinse Ryk; dat dit verwaande woorde sou spreek en dat dit "oorlog voer met die heiliges" totdat Christus terugkeer (Daniël 7:8, 21-22, 24-25). Hierdie stelling beskryf die geskiedenis van die pousdom met akkuraatheid. Pouse het die Keisers van Europa gekroon en diegene vervolgd wat die Bybel, asook hulle wat geleende kerktradisies van heidense afkoms, verwerp het. Die apostel Paulus het gewaarsku dat 'n magtige godsdienstfiguur aan die einde van dae te voorskyn sal kom wat miljoene mense sal mislei deur wonders en tekens (2 Thessalonicense 2:1-12). "Populêre Katolisisme" het vir eeue 'n reeks "hulende Madonnas" en "bloeiende beelde" bestempel as 'n kenmerkende aspek van populêre Katolieke vroomheid. Vandag drom duisende saam by Maria-altare in Europa en ander dele van die wêreld in die hoop op 'n vlugtige blik van 'n wonderwerk. Bybelprofesie dui aan dat hierdie soort skouspel *sal toeneem* namate die einde van die tydperk nader kom—en baie mense sal mislei!

Die apostel Johannes skryf van 'n *eindtyd koalisie* tussen 'n magtige godsdienstfiguur en 'n slinkse politieke figuur, naamlik die "dier," wat 'n federasie van tien nasies sal lei net voor die

Wederkoms van Christus (Openbaring 13; 17). Johannes sê dat hierdie wonderwerkende godsdiensleier mense sal oortuig om die dier te ondersteun (Openbaring 13:11-18). Hierdie geestelike sal 'n kerk lei (die vrou geklee in versierde gewaad) wat die Diermag *sal ry* (beïnvloed) (Openbaring 17:3-4). Hierdie profetiese gedaantes—wat terugflits na wat gebeur het in die Middeleeue toe die pousdom en die Heilige Romeinse Ryk Europa oorheers het—verryns *weereens* oor Europa! Die profeet Jesaja dui aan dat hierdie godsdiensstige organisasie—die “dogter van Babilon”—'n ekumeniese beweging sal lei om haar dwalende kinders terug te bring onder haar heerskappy (Jesaja 47:1, 8).

Wanneer ons hierdie profesieë lees, is dit moeilik om die ooglopende verband tussen die pous en die Rooms-Katolieke Kerk mis te kyk. Vandag is die Roomse pous die leidende figuur in die veldtog om wêreld-Christendom te verenig. Johannes Paulus II het meer as 700 toesprake gelewer om Europese eenheid te bevorder op grond van Europa se *geskiedkundige godsdiensstige fondasie*. Hy het die Europese Unie vermaan omdat hulle grondwet nie melding maak het van Europa se Rooms-Katolieke erfenis nie. Die Rooms-Katolieke Kerk het 'n dekalog vir Europa uitgereik—tien punte wat die kerk voel as gids behoort te dien in die toekoms van die Europese Unie. Bybelprofesie onthul dat die opgang van 'n invloedryke godsdiensfiguur, met bande met Rome, sal plaasvind *net voor die Wederkoms van Jesus Christus*. Hierdie is die *werklike belangrikheid* van die Rooms-Katolieke skadu watweer oor Europa opdoem!

Heropwekking van die dier

Nog 'n voorspelde skadu, is die vooruitsig van 'n polities verenigde Europa, oorheers deur Duitsland. Die voormalige Amerikaanse minister van binnelandse sake, Henry Kissinger, het opgemerk, “Die verskyning van 'n verenigde Europa is een van die mees rewolusionêre gebeure van ons tyd,” en hy herken dat dit Amerika kan bedreig (sien *Does America Need a Foreign Policy?*, bl. 41). Voormalige Britse eerste minister, Margaret Thatcher, skryf: “Die beweging na 'n burokratiese Europese superstaat... het groot implikasies vir die hele wêreld” (*Statecraft*, bl. 324).

Terwyl Europese geleerdes vir eeue gedroom het oor die vereniging van die kontinent, was dit *net in die laaste dekade* dat Europa se leiers suksesvol was in die vestiging van 'n Europese Parlement, 'n Europese Unie, 'n gemeenskaplike geldeenheid (die euro), 'n Europese Bank en 'n Europese Hof. 'n Europese grondwet is in die proses van bekragtiging en 'n Europese polisiemag is goedgekeur. 'n Europese weermag neem gestalte aan en 'n president en minister van buitelandse sake vir Europa word tans bespreek. Die skaduagtige “wese” wat in Europa geskep word, behoort *binne die volgende dekade* 'n werklikheid te word!

Hierdie ontwikkeling word begroet as merkwaardige vooruitgang op die pad na 'n verenigde en vreedsame Europa—as die uiteindelijke oplossing vir die bloedige getwis wat Europeërs in die verlede verdeel het en as 'n model wat die wêreld kan navolg. Tog het baie pogings om Europa te verenig in die verlede misluk. Die Romeinse Ryk was vir etlike eeue suksesvol voordat dit verkrummel het. Karel die Grote se poging om die Ryk te laat herleef en Europa te verenig, is met sy dood beëindig. Herlewings van die Ryk onder Otto die Grote van Duitsland en Charles V en die Hapsburgs van die Heilige Romeinse Ryk, was alles behalwe tye van vrede en eenheid, aangesien pouse en keisers vir die oorhand geveg het. Napoleon, Moessolini en Hitler het gevind dat hul begeertes om die Romeinse Ryk te laat herleef en Europa te verenig, van korte duur was. Al hierdie pogings om Europa te verenig was afhanklik van militêre mag, en almal het uiteindelik misluk. Pouse in Rome het hierdie pogings om Europa te verenig, ondersteun; Moessolini en Hitler het selfs konkordante [ooreenkomste] met die Katolieke Kerk onderteken wat hulle magsopgang gesteun het (sien *Hitler's Pope*, Cornwell). Ewenwel, die pousdom se seëninge het nie sukses gewaarborg nie.

Hedendaagse Europese leiers probeer steeds om Europa op 'n Romeinse model te verenig. Toe die Verdrag van Rome, wat die fondasie van Europese eenheid gelê het, in 1957 onderteken is, het die deelnemers gesê “daardie dag het ons soos Romeine gevoel... *ons was bewustelik besig om die Romeinse Ryk weer te herskep*” (*The Signature of God*, Jeffrey, bl. 190-191).

Vervolg op bladsy 26

Oorwin u vrese

Deur Richard F. Ames

Ons leef in 'n gevaarlike wêreld. Miljoene mense is bang, bekommerd en beangs. *Time Magazine* berig: “Nou, meer as ooit in die verlede, bekommer ons onself siek”. Kan u u vrese oorwin?

Die spanning van die alledaagse lewe kan ons dood veroorsaak. Ons reis in druk verkeer, ons kry te doen met wêreldse twisgieriges en ons staar menige finansiële, maatskaplike en persoonlike probleme in die gesig. Voeg dan nog daarby ons vrese vir die rampe wat op ons stede en volke wag!

Hoeveel van ons is “siek van bekommernis”? Een artikel berig: “Daar is sekerlik baie vrese wat die rondte doen. Angsneurose—dit is wat gesondheidskenner enige sodanige blywende angs noem wat jou lewe beïnvloed—is die algemeenste geestesiekte in die VSA. Ongeveer 19 miljoen Amerikaners word deur verskeie vorme daarvan geteister wat wissel van baie spesifieke fobies tot algemene angsneurose” (*Understanding Anxiety*, *Time*, 10 Junie 2002, bl. 48).

Hoe bekommerd en beangs is u? Wat kan u doen om gemoedsrus te hê? Wat kan u doen om u vrese te oorwin? Hier is sewe “sleutels” om u angs te

oorwin.

Sleutel 1: Berei voor vir die geprofeteerde toekoms

Hierdie beginsel is so belangrik dat die wyse koning Salomo dit twee keer in Spreuke genoem het: “n Skrander mens sien die onheil en verberg hom, maar die eenvoudiges gaan verder en word gestraf” (Spreuke 22:3; 27:12).

Ons behoort die ware gevare wat ons wêreld toenemend bedreig te trotseer en gepaste aksies te neem. Ons behoort onself te bewapen met kennis oor vandag se menigte gevare en die werklikheid te aanvaar. Te veel mense verkies vandag om van die werklikheid te ontvlug en te ontsnap na vermaaklikheid, dwelms en alkoholmisbruik, asook ander ongeoorloofde gedrag.

Behoorlike voorbereiding vir die geprofeteerde toekoms sal u help om u vrese te oorwin. Jesus het gesê ons moet die profetiese gebeurtenisse verstaan. Na die beskrywing van die tekens wat Sy Wederkoms sal voorafgaan, het Jesus 'n bemoedigende vermaning gegee: “So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur. Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat alles gebeur het nie. Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde

sal nooit verbygaan nie” (Lukas 21:31-33).

Jesus het gesê dat ons op ons hoede moet wees vir profetiese gebeurtenisse, sodat u sal “weet dat die Koninkryk van God naby is”. Hy het nie gesê dat hierdie profetiese tekens ons sal help om te *raai* dat die Koninkryk van God naby is nie. Jesus het gesê dat ons kan *weet* wanneer die Koninkryk van God naby is. Hy gee vir ons hierdie waarskuwing in Lukas 21:34: “Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorg van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie” (Lukas 21:34).

Jesus waarsku ons dat daardie dag nie onverwags op ons moet kom nie. “Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon. Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan” (verse 35-36).

Ons behoort wakker te wees vir wêreldgebeure en vir die geprofeteerde tekens waarvan Jesus gepraat het. God sal die nasies oordeel gedurende die geprofeteerde Dag van die Here, wat in meer as 30 profesieë regdeur die Bybel genoem word. God het dit aan antieke Israel baie duidelik gemaak dat daar seëninge vir

gehoorsaamheid en strawwe vir ongehoorsaamheid is. Ons toenemend sedelose Westerse nasies wat agteruit gaan, sal 'n swaar straf ondergaan. So waarsku God ons: "Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooe nie doen nie; en as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al my gebooe doen nie en my verbond verbreek—dan sal Ék dit ook aan julle doen: Ek sal **verskrikking** oor julle beskik" (Levitikus 26:14-16).

Kan dit besig wees om met ons te gebeur? Baie mense voel dat die wêreld besig is om, soos die gerespekteerde *Economist* tydskrif op hul 19 Oktober 2002 voorblad bekend maak, "'n Wêreld van terreur" te word. Is daar enige deel van die wêreld wat veilig kan voel teen terrorisme? Terrorisme kan deesdae in elke hoek van die samelewing gevind word. Selfs in die eensbeskermdede Verenigde State, het 'n paar sluipskutters in 2002 miljoene mense in die Washington, DC, gebied vreesbevange gehad elke keer wat hulle hul wonings moes verlaat. Slegs twee mans het so 'n skrikbewind oor miljoene mense gebring. Vermenigvuldig dit met die duisende terreurvoorvalle elke jaar regoor die wêreld en u begin besef dat die *Economist* reg is: Ons leef nou in 'n *wêreld* van terreur.

Ons moet die werklikheid van hierdie geprofeteerde eindtye in die gesig staar. Soos Jesus gesê het: "Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en

dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie" (Lukas 21:34). Hy het egter gesê: "Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:36).

Die terreur van ons wêreld dra by tot ons persoonlike vrese, maar daar is die hoop en die goeie nuus van Jesus Christus se terugkeer, om vir 'n duisend jaar te regeer in God se komende Koninkryk op aarde. As ons onsekerheid en onkunde ondervind, mag dit lei tot verwarring en neerslagtigheid, maar Jesus gee ons hierdie aanmoediging: "En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak" (Johannes 8:32). Ja, u *kan* vry wees van onsekerheid. U *kan* weet wat die toekoms inhou!

Sleutel 2: Ken u prioriteite

Die Bybel maak dit duidelik wat ons prioriteite in die lewe behoort te wees. Ons behoort te bid soos Jesus onderrig het: "Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde" (Mattheus 6:10). Hunker u na God se wil? Of hunker u na die wêreld? Soos die apostel Jakobus geskryf het: "Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God" (Jakobus 4:4).

Miljoene mense volg die nuutste "neiging" of "gier" en pas by die wêreld aan. Hulle poog nie om die ware doel in hulle lewens te vervul nie. Trouens,

hulle weet nie eens wat daardie doel is nie! Wat sê Jesus is die grootste prioriteit? Hy sê: "Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" (Mattheus 6:33).

Sodra u uself daartoe verbind het om na die Koninkryk van God te streef, kan u gemoedsrus hê. U kan u bekommernisse, fobies en vrese oorwin. As u egter besluiteloos is—as u met een voet in die wêreld staan en met die ander voet probeer om in die weë van die Bybel te loop—sal u nêrens kom nie! Jesus praat oor hierdie besluiteloosheid: "Niemand kan twee here dien nie; want óf hy sal die een haat en die ander liefhê, óf hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie" (Mattheus 6:24).

Probeer u om twee meesters te dien? Daardie besluitelose benadering moedig net vrees aan. Jesus gaan voort: "Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" (verse 31-33). Dit is u roeping! Om na die belangrike dinge te streef, sal u help om te groei in geloof en geloof is 'n teenmiddel vir bekommernis!

Die belangrikheid van prioriteite was 'n tema van die 1974 trefferboek *How to Get Control of Your Time and Your Life*. Die skrywer, Alan Lakein,

het voorgestel dat elkeen van ons onself drie eenvoudige vrae moet vra: Wat is my lewenslange doelwitte? Hoe gaan ek die volgende drie jaar deurbring? As ek nou sou weet dat ek vandag oor ses maande deur weerlig doodgeslaan gaan word, hoe sal ek tot dan leef?

Hierdie vrae—veral die laaste een—behoort u te help om te onderskei tussen die belangrikste en onbelangrikste prioriteite in u lewe. Is u prioriteite God se prioriteite? Leef u volgens die prioriteite wat God in Sy “handleiding”, die Bybel, gegee het? Die Bybel onthul prioriteite wat u 'n ware doelwit in u lewe kan gee. Wanneer u die instruksies volg, kan u gemoedsrus vind.

Sleutel 3: Bekeer u van u sondes

Wanneer ons gesondig het en ons weet dat ons gesondig het, voel ons skuldig. Ons verwag dat iets vreeslik met ons gaan gebeur en, waarlik, iets vreeslik gebeur met ons. Die patriarg Job het gesê: “As ek iets vreeslik vrees, kom dit oor my; en die ding waarvoor ek bang is, kom na my toe” (Job 3:25). Party mense noem dit 'n “selfvervullende profesie”.

Ons behoort ons sondes in gebed te bely. Wees openhartig en eerlik met God. Soos die apostel Johannes geskryf het: “As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig” (1 Johannes 1:9). Ons behoort ons vrese, bekommernisse en sondes te erken. As ons ons waarlik van ons sondes bekeer,

sal God ons vergewe. Ons kan vry wees van die vrese en bekommernisse wat met skuldgevoel gepaard gaan! Christene kan gemoedsrus hê!

God laat ons die lewe ervaar, om te leer deur ons eie foute en ondervindinge. Die apostel Petrus verduidelik dat 'n tyd van oordeel sal kom, wanneer ons rekenskap sal moet gee oor ons leefwyses en ons gesindhede: “Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand. Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie?—julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt” (2 Petrus 3:10-12).

Ons moet ons gedrag ondersoek. Ons moet ons bekeer, wat beteken dat ons ons gedrag en denkwysse verander. Bekering beteken om om te draai en in die ander rigting te gaan. Dit beteken om ons sondes voor God te erken en Sy vergifnis te vra. Dit beteken ons moet onself verbind om God se regverdigheid te gehoorsaam en die offer van Christus te aanvaar om vir ons sondes te betaal. Iemand wat waarlik bekeer en gedoop is en aanvaarding van Christus se offer toon, kan 'n nuwe lewe begin. Die apostel Paulus beskryf die betekenis van die doop. “Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word?

Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?” (Romeine 6:1-2).

Miljoene beleidende Christene glo dat sodra mens onder genade is, jy nie meer God se Tien Gebooie hoef te onderhou nie. Met ander woorde, u kan voortgaan in sonde, u kan God se geregtige en heilige wet oortree, omdat u onder genade is. Wat het Paulus gesê? “Nee, stellig nie!” In die nuwe vertaling staan: “Beslis nie”. Paulus beskryf dan die algehele verbintenis wat ons na ons doop bring: “Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlijkheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel” (verse 3-4). Dit is die vrugte van ware bekering!

Sleutel 4: Bid oor alles wat u bekommer

Wat was Paulus se oplossing vir vrees? Watter raad het hy vir ons gegee om kommer en vrees te hanteer? Hy skryf: “Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God” (Filippense 4:6). Met ander woorde, deel u bekommernisse, u vrese en u sorges in gebed met God!

Vertel God in besonderhede van u probleme. Koning Dawid het dit telkemale gedoen. U kan sy klagtes, frustrasies en persoonlike gevoelens in sy gebede lees, soos in die Psalms

aangeteken staan. Dawid het ses-en-twintig keer in die Psalms by God gepleit: “Red my!” Een so 'n gebed lui soos volg: “Red my van my vyande, o my God! Beskerm my teen my teëstanders! Red my van die werkers van ongeregtheid, en verlos my van die manne van bloed!” (Psalms 59:2-3).

Soos Dawid, moet ons ons intieme gedagtes teenoor God uitspreek. Nog 'n sleutel om ons vrese te oorwin, is om met danksegging te bid! Ons moet God dank vir al ons seëninge. Wanneer ons ons seëninge tel—wanneer ons God dank vir al die seëninge wat ons in ons lewens ondervind en sal ondervind—is daar 'n wonderlike gevolg: “En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus” (Filippense 4:7).

U **kan** gemoedsrus hê—God se eie vrede. God ver wag egter dat u self ook stappe sal neem. Hy ver wag dat u Sy instruksies sal volg deur u sorg in gebed met Hom te deel en Hy ver wag dat u Hom om hulp, bystand en redding sal vra—asook om te bid met 'n gesindheid van danksegging. Dank God dat Hy bereid is om u te help om u vrese te oorwin, dat Hy gewillig is om u gemoedsrus te gee.

Pas hierdie beginsels vir gesonde verstand en vrede toe en u kan die oorvloedige lewe hê wat God u toewens. Jesus sê: “Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê” (Johannes 10:10). Ware Christene kan 'n oorvloedige lewe lei. Ondanks

die lewe se beproewinge, kan hulle hulself verbly. Christene sal altyd moeilike tye verduur. God gee ons egter die geestelike geloof en vertroue om ons beproewings die hoof te bied. Toe Paulus aan die Filippense Christene geskryf het, het hy die woord “verbly” tien keer in agt verse in hierdie sendbrief gebruik! Let op sy vermaning: “Verbly julle altyd in die Here ek herhaal: Verbly julle!” (Filippense 4:4). Ons vertroue, ons gemoedsrus, is in die Here, nie in onself nie! Wanneer ons ons lewens oorgegee het aan ons Vader en aan sy Seun, Jesus Christus, kan ons blydschap en vrede hê. Trouens, Paulus spreek hierdie algemene probleem van vrees aan. Hy vertel ons in Filippense 4:6: “Wees oor niks besorg nie...” Een woordeboek se definisie vir ang is: “vreesagtig betrokke of belangstellend”. Angs word ook omskryf as “'n gevoel van vrees, benoudheid, onsekerheid, onveiligheid” (HAT, Perskor). Ons moet egter 'n normale, natuurlike besorgdheid hê, nie 'n “gevreemde besorgdheid” nie.

Sleutel 5: Beoefen geloof

Hebreërs 11 word dikwels die “geloofshoofstuk” genoem. Dit noem die helde en heldinne van geloof en verduidelik geloof se definisie: “Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie” (Hebreërs 11:1).

Hoe kan u geloof beoefen? Geloof is 'n sekerheid en vertroue. Abraham, hoewel hy baie oud was, het God se belofte

geglo dat hy die vader van baie nasies sal wees. “En hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk deur die geloof en het aan God die eer gegee” (Romeine 4:20). Abraham was “ten volle oortuig dat Hy [God] ook die mag het om te doen wat Hy belof het. Daarom is dit hom ook tot geregtigheid gereken” (verse 21-22).

God was vir Abraham 'n **werklikheid**, en hy het **gewees** dat Hy *meer as in staat was* om Sy belofte te vervul. As ons geloof het, sal ons die vraag vra: “Wat het God my belowe?” Wanneer ons dan die Bybel lees, vind ons honderde belofte wat God vir ons kan vervul—as ons glo dat God in staat is om daardie belofte te vervul.

Jesus het Sy luisteraars, wie te bekommerd was oor hulle fisiese behoeftes, bestraf deur te sê: “En wat kwel julle jul oor klere? Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei; hulle arbeid nie en hulle spin nie; en Ek sê vir julle dat selfs Salomo in al sy heerlijkheid nie bekleed was soos een van hulle nie. As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, so beklee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges?” (Mattheus 6:28-30).

God ver wag van ons om geloof te beoefen. Hy ver wag van ons om op Hom te vertrou en Sy opdragte te volg. Christus en die Apostels het 'n voorbeeld gestel van 'n gelowige leefwyse. Wanneer ons hulle voorbeeld volg, kan ons ons vrese oorwin. Soos Paulus skryf: “En wat julle geleer en ontvang en gehoor en

in my gesien het, doen dit, en die God van vrede sal met julle wees" (Filippense 4:9).

Geloof is 'n teenmiddel vir angs! Om eers die belangrike dinge in die lewe na te streef, sal u help om in geloof te groei! God is in staat om by verre meer te vermag as wat mense kan verstaan of hul selfs kan indink. Een van my gunstelingverse verduidelik hierdie punt: "En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk, aan Hom die heerlijkheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen" (Efesiërs 3:20-21).

God is in staat "om te doen ver bo alles wat ons bid of dink". Hy wil hê ons moet ná aan Hom wees. Hy wil hê ons moet ons bekommernisse, vrese en sorge met Hom deel. God wil ook hê ons moet Hom vra vir hulp! Wees sterk! Vra God om u te help soos Hy belof het: "ver bo alles wat ons bid of dink".

Glo God se beloftes en u sal vrede vind. "En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek" (Hebreërs 11:6). Die sleutel hier is om God naastiglik te soek! Ons soek Hom deur elke dag tot Hom te bid. Ons soek Hom deur ons Bybels elke dag te lees. "Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God" (Romeine 10:17).

Sleutel 6: Vrees God

Baie mense in die hoofstroom Christendom noem die vrees

van God "primitief". Hulle stel die vrees van God gelyk aan die g e h o o r s a a m h e i d v a n bygelowige heidene watvoor hul valse gode neerval, maar die Bybelse vrees van God is 'n diepe eerbied en respek vir die Skepper. Dit is ons ontsag vir God se majesteit en grootheid. Dit is ons reaksie op die werklikheid van God. Wanneer u kies om God te vrees, sal u nie mense vrees nie. Onthou, die vrees van God en die liefde van God, is nie wedersyds uitsluitlik nie. Baie Christene in algemene kerke dink dat mens net die een óf die ander kan hê. Dit is **nie** wat die Bybel sê nie. Albei eienskappe is nodig in ons verhouding met God. "En nou, Israel, wat eis die Here jou God van jou as net om die Here jou God te **vrees**, in al sy weë te wandel en **Hom lief te hê** en die Here jou God te dien met jou hele hart en met jou hele siel, om te hou die gebooi van die Here en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, dat dit met jou goed kan gaan?" (Deuteronomium 10:12-13).

God vereis dat ons Hom beide liefhê **en** vrees. Lees deur die boeke van Psalms en Spreuke. Die seëninge en voordele van goddelike vrees sal u verbaas! Let op: "In die vrees van die HERE lê 'n sterk sekerheid, ook vir die kinders van 'n sodanige sal daar 'n toevlug wees" (Spreuke 14:26). Ware geloof en "sterk sekerheid" kom van God.

Die einste rede waarom ons nie wêreldvrede het nie, is die gebrek aan goddelike vrees. Paulus maak dit baie duidelik as hy aanhaal uit Jesaja. "Haastig is hulle voete om bloed te

vergiet. Verwoesting en ellende is in hulle paaie, en die weg van vrede ken hulle nie. Daar is geen vrees van God voor hulle oë nie" (Romeine 3:15-18).

Hoeveel mense ken u wat arrogant is en geen goddelike vrees het nie? Ons wêreld het opregte, nederige Christene nodig wat die ware God **eerbiedig**. Ons moet die voorbeeld volg van die Messias, Jesus Christus. Hy het 'n goddelike vrees gehad. U kan daarvan lees in Jesaja 11:1-3. Goddelike vrees gee ons vrede en vertroue. Soos Jesus waarsku: "En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liever wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel" (Mattheus 10:28). Let nou op wat volg: "Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie. En van julle is selfs die hare van die hoof almal getel. Wees dan nie bevrees nie: julle is meer werd as baie mossies" (verse 29-31).

Wanneer u gereeld die Bybel lees, sal u baie voorbeelde ontdek van God se ingryping en Sy redding van Sy mense. Ons leef in 'n sekulêre en ongelowige wêreld, maar u kan u angste en u vrese oorwin wanneer u geloof beoefen en 'n goddelike vrees aankweek.

God ken u vrese. Jesus sê dat u Vader in die Hemel u intiem ken. Soos Jesus sê: "Julle is meer werd as baie mossies" (Lukas 12:7). God gee om vir u. Hy sal u die geloof en vertrouwe gee wat u nodig het om u vrese

Vervolg op bladsy 28

Streef na God se Wil in u lewe

Deur Roderick C. Meredith

Alhoewel ons in die Lewende Kerk van God nie die meeste van ons tyd en energie bestee om baie van die veragtelike praktyke in ons samelewing *te verdoem* nie, sou ek graag wou sien dat *almal* ten volle bewus moet wees *van die standpunt wat ons inneem*. Die probleem in hierdie deurmekaar wêreld is dat u—**en u kinders en kleinkinders**—voortdurend *gebombardeer* word met propaganda deur die liberale media dat, byvoorbeeld, aborsie en homoseksualiteit “aanvaarbaar” sou wees. Die liberale media verkondig deurentyd dat niemand veroordeel moet word nie! Wat hierdie twee onderwerpe betref, blyk dit dat die media die meerderheid van die regters aan hulle kant het. *Dit is werklik 'n tragiese stand van sake!* Het God enige rede om ons volk enigsins te vrywaar van die Groot Verdrukking as Hy op die aarde neerkyk en hierdie voortdurende veragtelike dae waarneem, ook hoe dit toeneem?

Tog besef ek dat baie van ons nuwer lesers en *honderde* van ons jongmense, nie die regte insig het oor die onderwerpe van aborsie en homoseksualiteit nie, want ons preek nie dikwels oor hierdie onderwerpe nie, omdat ons nie graag voortdurend negatiewe opmerkings wil maak en in die proses dan afdwaal van die onderrig oor die Koninkryk van God nie. Ons jongmense en moontlik ook *honderde* nuwe lesers het grootgeword en gedurig 'n humanistiese, liberale benadering oor hierdie onderwerpe asook talle andere aangehoor. Ek het persoonlik tot hierdie duidelike besef gekom toe ek in 1986 as adjunk-kanselier van *Ambassador College* te Big Sandy aangestel is.

Ek het tydens persoonlike onderhoude gevind dat selfs baie van ons *Ambassador* studente grootliks deur die liberale media beïnvloed is. Hulle het geweet van die Kerk se afkeur ten opsigte van aborsie en homoseksualiteit. Die feit

dat hierdie twee onderwerpe voortdurend tydens die opvoedingsproses in 'n positiewe lig gestel is deur hulle vriende, die media, skole en ook die hele samelewing, het meegebring dat dit 'n diepliggende uitwerking op hulle gehad en hul begrip verswak het. Dit is dus nodig dat ons hierdie onderwerpe nou en dan aanroer om ons denke op koers te hou. As God se mense, *moet* ons leer om hierdie soort onderwerpe waaraan ons samelewing blootgestel is, te bepeins en tot die besef kom wat *God* se opinie omtrent sulke kwessies is.

Dus, *bepeins* dit en *bid* asseblief daaroor.

Dit is baie selde dat ek ander geestelike leiers aanhaal betreffende sosiale kwessies. Ek wil egter aanhaal uit Dr. James Dobson se *Family News*, want sy siening oor hierdie onderwerp stem beslis met die Bybel ooreen. Alhoewel Dr. Dobson tans nie 'n volmaakte begrip het nie, is ek van mening dat hy 'n baie opregte persoon is en 'n voortreflike bydrae lewer oor hierdie en ander soortgelyke kwessies.

Hier volg die inleiding tot sy nuusbrief van Januarie 2004: “Dit is Januarie, wat beteken dat dit tyd is om die Reinheid-van-Menselewemaand te gedenk. Om mee te begin egter, wil ek graag terugverwys na die April 2000 uitgawe van *Family News* waarin ek die merkwaardige storie van Samuel Alexander Armas meegedeel het, 'n klein babaseuntjie wat op 21 weke swangerskap 'n operasie aan sy ruggraat moes ondergaan, terwyl hy nog in sy moeder se baarmoeder was. 'n Fotograaf, Michael Clancy, was teenwoordig tydens die operasie en het 'n aangrypende en 'n hartverskeurende beeld vasgelê met Samuel wat sy handjie by die baarmoeder uitsteek en die chirurg se vinger vasvat. Al die mense in die wêreld behoort hierdie foto te gesien het, want dit illustreer die wonderlike menslikheid van 'n voorgeboortelike baba. Ongelukkig het al die

groot beriggewers geweier om dit met die publiek te deel. Gegewe hul pro-aborsie neiging, is dit nie moeilik om hulle rede in te sien nie. Hierdie foto herinner my aan die stryd om gedeeltelik-gebore aborsies af te skaf en die talle emosiebelaaide debatte rondom hierdie kwessie in die Kongres van die Verenigde State. Senator Rick Santorum (Republikeine, Pennsilvanië), die mees uitgesproke verdediger in die Senaat oor “lewe,” pleit herhaaldelik by sy kollegas om die afskuwelike aborsieprosedure te staak waardeur die brein van die onverdoofde baba in die finale oomblikke van geboorte uitgesuig word. Hierdie stryd het agt jaar geduur. Van die teenoorgestelde kant van die spektrum af, veg Senator Barbara Boxer (Demokrate, Kalifornië) jaar na jaar vir die wetlikheid van gedeeltelik-gebore aborsies om behoue te bly. Vir haar was die doodmaak van babas 'n kwessie van vrouegesondheid met totale verontagsaming van die welsyn van die kind ...”

“Vir 31 jaar het die aborsiebedryf voorgeboortelike babas behandel soos 'n niemense wese wie se lewe niks in die oë van die wet beteken nie. Inderdaad, wyle James McMahon, 'n vroeëre praktisyn in die gruwelik gedeeltelik-gebore aborsie prosedure, het gesê dat dit nie die vraag is óf 'n fetus 'n mens is nie, maar die vraag is eerder, 'Wie is baas oor die kind?' Wel, hoe nou? Het die perfek gevormde handjie van Michael Clancy se foto aan 'n menslike wese behoort of was dit maar net 'n deel van iets waarna die vroeë vrugafdrywers verwys het as 'n bol uitgeswolle weefsel of 'n betekenislose borrel protoplasma? Wat ek nou met u gaan deel, sal hierdie vraag vir ewig en vir altyd beantwoord. Samuel Alexander Armas, die 21 weke oue fetus wat in sy moeder se baarmoeder om sy lewe geveg het, is nou vier jaar oud, 'n lewenslustige, energieke seuntjie ... Wat 'n dramatiese getuigenis is dit nie aan die mensdom nie, nie net wat betref hierdie een kind nie, maar van elke baba wat deur die eeue verwek is? Ons kan almal soos koning Dawid sê, “Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is u werke! En my siel weet dit alte goed. My gebeente was vir U nie verborge toe

ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde. U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat *alles* bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie” (Psalm 139:14-16).

Vriende, Dr. Dobson het beslis die spyker op die kop geslaan. Ek waardeur die feit dat hy so kragtig uitgesproke is oor hierdie kwessie. Ek is ook van mening dat ons almal ons kinders en geliefdes moet opvoed wat betref hierdie verskriklike misdaad wat *elke liewe dag* in die grootste deel van die wêreld gepleeg word! Ons sal van tyd tot tyd daarna verwys in ons televisieuitsendings of selfs in 'n artikel in die *Wêreld van Môre* tydskrif. Ons kan dit natuurlik nie direk met dieselfde erns op televisie beveg soos op skrif nie, want ons sal dan sekerlik verdere uitsendings op talle televisiestasies geweier word. Deur al hierdie dinge moet ons, soos Jesus sê, “versigtig [wees] soos die slange en opreg soos die duiwe” (Mattheus 10:16).

Nogtans *kan* en *moet* hierdie Werk die *volle Waarheid* verkondig oor kwessies soos hierdie. Ons, *in God se Kerk*, moet ten volle verstaan hoe ver baie van die voorbokke in die media sal gaan, ook in die regstelsel, politiek en selfs van die kansel af, om hierdie afskuwelike praktyke te verdedig. Baie van u besef dat amper **45 miljoen** babas sedert die Roe versus Wade uitspraak in 1973 geoffer is. Slegs die komende regering van Jesus Christus en *ons* deelname daarin as komende *konings* en *priesters* in 'n poging om die hele wêreld reg te ruk, sal hierdie aaklige situasie ten volle oplos.

Ons moet ons behoefte om “eers die Koninkryk te soek” bepeins en ook ons belofte om te *bid* en onself *heelhartig voor te berei* op Christus se eerskomende regering. So skryf Paulus dan ook onder inspirasie: “Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?” (1 Korintiërs 6:2-3). Die besef dat ons as lede van God se familie onder leiding van die lewende Jesus Christus **baie goed** kan doen om hierdie verwronge wêreld in die afsienbare toekoms reg te ruk, is inspirerend!

Wanneer ons by die onderwerp van homoseksualiteit kom, moet ons onself weer daaraan herinner *hoe belangrik* dit is om ons jongmense te leer wat God sê, om hulle te help onderskeid tref tussen die verwarrende boodskappe uit die gelede van die media, skole en inderdaad die hele samelewing. Hierdie verdraaide inligting het **wel** 'n *geweldige* invloed op jongmense—tensy hulle met **feite** en Bybelse skrifture as antwoord gekonfronteer word.

Dit is uiters belangrik dat ons almal onthou *waarom* God ons manlik en vroulik geskape het. Let op hoe Hy dit beskryf: “Ook het die HERE God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas” (Genesis 2:18). Die vrou sou 'n “hulp” wees vir haar man om die lewe meer vervullend vir albei te maak. Die mensdom is dus in die begin as “teenoorgesteldes” geskape; manlik en vroulik. Regdeur die geskiedenis van die mens is dit oor en oor bewys hoe belangrik hierdie balans is en hoe belangrik dit is dat 'n opregte *huwelik* tussen man en vrou die basis van elke ordentlike beskawing moet wees.

Dit blyk duidelik uit die eerste paar hoofstukke in Genesis, dat God *een* vrou vir *een* man gemaak het. So was dit dan Sy beplanning om balans en vervulling aan die menslike ras te gee. In Maleagi se geïnspireerde boodskap, gee God 'n tweede groot *doel* waarom hy die man *en* vrou geskape het: “Het Hy dan nie een *mens* gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het 'n geslag van God gesoek. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou aan die vrou van jou jeug nie” (Maleagi 2:15). God het bedoel dat uit die huwelik tussen man **en** vrou 'n “goddelike geslag” verwek moet word; potensiële seuns en dogters van die grote **God** wat in die eerste plek vir ons lewe en asem gee. Mans wat met mans “trou” of vrouens wat met vrouens “trou” kan **nooit** kinders verwek nie en verwesenlik so **Satan** se grootste doel, naamlik die **totale uitwissing** van die menslike ras!

Die menslike neiging is egter nog altyd om dit wat God sê, met redenasies te omseil. God

waarsku ons duidelik talle kere in die Bybel hierteen, byvoorbeeld: “Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood” (Spreuke 14:12). Ja inderdaad, alle soorte weë “blyk” reg te wees vir eietydse leraars, politici en die media. Ons *moet egter ons jongmense leer* dat indien hierdie weë in direkte teenstelling is met God se wette en doelwitte, die uiteinde slegs die **dood** kan beteken!

Die Bybel *keur regstreeks* en herhaaldelik *enige* vorm van homoseksualiteit *af*. “En as 'n man met 'n manspersoon gemeenskap het soos 'n mens met 'n vrou het, het hulle altwee iets gruweliks gedoen. Hulle moet sekerlik gedood word. Hulle bloedskuld is op hulle” (Levitikus 20:13). Hierdie leerstelling word regdeur die Ou Testament *gehandhaaf*—en onthou, die Ou Testament was die enigste “Woord van God” wat beskikbaar was toe Jesus Christus gesê het: “Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God” (Lukas 4:4).

God se Woord is net so duidelik in die Nuwe Testament. Lees hoe beskryf Paulus die antieke filosowe—dit is juis hierdie mense se denkrigtings wat as **standaard** vir wysheid en rigtingaanwysing voorgehou word—se verdraaide denke en redenasies omtrent homoseksualiteit: “Daarom het God hulle oorgegee aan **skandelige** hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige **vergelding** van hulle dwaling ontvang. En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkenning te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie” (Romeine 1:26-28).

Paulus beskryf sulke individue as “mense wat—al ken hulle die verordening van God goed, dat die wat sulke dinge doen, die **dood** verdien—dié dinge nie alleen self doen nie,

maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen” (vers 32). Die Bybel spel dit baie duidelik uit dat diegene wat sulke veragtelike dade “goedkeur,” ook voor God **skuldig** is!

Of ons nou self verkeerde dinge *beoefen* of bloot ons goedkeuring daaraan heg, is ons op hierdie aarde om die weë en wette van die grote **God** wat ons geskape het, te bemeester—die God wat ons in die eerste plek manlik en vroulik geskape het.

Paulus skryf: “Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie? Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of **wellustelinge** of **sodomiete** of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie” (1 Korintiërs 6:9-10). Paulus dui hiermee aan dat daar in sy tyd sulke mense in die Kerk ingekom het. Deesdae is daar ook sulke mense in die Kerk van God, of sal nog in die Kerk opgeneem word. Vers 11 sê egter dat hulle in die Naam en krag van Jesus Christus “afgewas” sal word. Met die Gees van God in hulle, sal hulle gereinig word—**mits** hulle hulself waarlik bekeer het. Die **sleutel** tot al hierdie dinge is egter dat opregte *bekering* moet plaasvind alvorens God Sy Gees aan hulle sal gee en voordat Sy groot krag en hulp aan enige individu beskikbaar gestel sal word!


Onder die invloed van Satan die duiwel, bombardeer die media en opvoedkundige stelsels van hierdie wêreld ons sintuie met vleeslikheid en vergeefse menslike redenasies. Om dit te bowe te kom, moet ons God se Waarheid en die Wil van God in al hierdie dinge bepeins, bestudeer en *veral ons kinders* so **leer**. Ons word nou **opgelei** om konings en priesters in die eerskomende regering van God te wees (Openbaring 5:9-10). As toekomstige leermeesters en priesters van God wat in die wêreld van môre onder Christus sal dien, moet ons die Wil van God noukeurig bestudeer sodat ons kan “**onderskeid** maak tussen wat heilig en wat onheilig, en tussen wat onrein en wat rein is; en julle moet die kinders van Israel **leer** al die

insettinge wat die HERE deur die diens van Moses aan hulle verkondig het” (Levitikus 10:10-11).

Reg aan die einde van hierdie tyd sal God se ware volgelingen beskerm, vrygemaak en as God se **juwelle** (Engelse vertaling) hanteer word, mits hulle hul Skepper opreg dien en gehoorsaam, want God se Woord sê vir ons: “Ek sal met *hulle medelyde* hê soos 'n man medelyde het met sy seun wat hom dien. Dan sal julle weer die **onderskeid** sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie” (Maleagi 3:17-18).

Elkeen van ons moet leer om **nou reeds** behoorlik te *onderskei* tussen hierdie dinge. Ons moet ook bereid wees om deurdrenk te word met die Woord van God—met die “gedagtes” van God—oor al hierdie kwessies. Ek doen 'n beroep op u om God se *Wil* noukeurig te bestudeer en te bewys ten opsigte van alle kwessies soos abortsie, homoseksualiteit, die gebruik van onwettige dwelms, “huwelike” tussen diegene van dieselfde geslag, die genot van pornografie en alle ander veragtelike praktyke wat so dikwels aan ons verwarde gemeenskap opgedis word. Daarom moet ons as God se mense voeding uit Jesus Christus en Sy Waarheid put ten einde leiers en regters te wees in die wêreld van môre.

Paulus wys ook daarop dat “die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word. Maar die geestelike mens beoordeel wel alle dinge; self egter word hy deur niemand beoordeel nie. Want wie het die sin van die Here geken, dat hy Hom sou kan onderrig? *Maar ons het die sin van Christus*” (1 Korintiërs 2:14-16).

Vriende, laat **ons** onself deeglik vergewis van die gedagtes van Christus sodat ons, *ons kinders* en geliefdes **nie** maklik oorweldig sal word deur die verdraaide en verdorwe propaganda wat deurgaans uitgebasuin word onder die wêreld se samelewing nie! Slegs dan sal ons waarlik “geskikte” instrumente wees om onder Christus in Sy eerskomende Koninkryk te dien. 

Vrae & Antwoorde

Vraag: Waarom fokus die *Wêreld van Môre* meer op eindtyd-gebeure as op die evangelie? Is u apokaliptiese fokus nie ongesond vir 'n Christen in die hedendaagse wêreld nie?

Antwoord: Die *Wêreld van Môre* fokus **wel** op die evangelie wat Jesus Christus verkondig het—die evangelie van die Koninkryk van God. Daardie evangelie is 'n boodskap van hoop, wat vertel van 'n tyd wanneer die mensdom in vrede en harmonie sal leef en deur Jesus Christus regeer sal word. Baie mense wat hulself Christene noem, verkondig slegs een gedeelte van Sy boodskap—'n boodskap oor Christus as persoon, eerder as oor *wat Hy gepreek het*. In teenstelling daarmee, streef die *Wêreld van Môre* daarna om die “hele raad [plan]” van God te preek.

In vandag se geweldgeteisterde wêreld, het “apokalipties” 'n nuwe betekenis van onheil en voorspelling aangeneem. Die Griekse woord *apokalupsis* beteken egter bloot “openbaring”—en dit is die titel van die laaste boek in u Bybel! Christus se volgelinge is vredemakers (Mattheus 5:9). Christus se woorde in die vier Evangelieverhale—en die “apokaliptiese “ boek Openbaring—maak dit duidelik dat ware Christene nooit wapens sal opneem teenoor ander mense nie. Christene verdedig hulself nie met instrumente van geweld nie, maar eerder met die geestelike wapenrusting van God (Efesiërs 6:11-18), selfs terwyl traumatiese gebeure aan die einde van die tyd al nader kom.

Christus se dissipels het Hom gevra hoe hulle die einde van die tyd kon uitken. Hy antwoord: “Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei. En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. Want die een nasie sal teen die ander ontstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte. Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my

Naam. En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat. En baie valse profete sal ontstaan en baie mense mislei. En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word. En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom” (Mattheus 24:5-14).

Geen ware Christen kan ontken dat Jesus 'n tyd van groot moeilikheid vir die wêreld voorspel het nie, maar Hy het dit egter met 'n *positiewe* doel gedoen, om ons in te lig dat Sy tweede koms totale uitwissing sal **voorkom** (Mattheus 24:22) en 'n tydperk van duisend jaar se gelukkige en vredevolle lewe onder Sy heerskappy op aarde sal inlei, waarna God almal wat nooit vantevore Sy Waarheid gehoor het nie, sal opwek sodat hulle hul eerste kans tot saligmaking kan hê (Openbaring 20:5-6). Dit is 'n boodskap van uiterste vrede en hoop!

Daar is selfs 'n meer verbasende aspek tot Jesus se boodskap van hoop. Diegene wat Sy offer aanvaar en Hom toelaat om Sy lewe binne-in hulle te leef, sal Hom bystaan as konings en priesters om die mensdom gedurende die millennium van diens te wees (Openbaring 5:10). Wat beteken dit om Christus binne-in ons te laat leef? Soos die apostel Paulus skryf: “Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het” (Galasiërs 2:20). Christene wat vandag leef deur die geloof van Christus, beleef 'n voorsmaak van hoe die lewe onder Jesus Christus se heerskappy in die millennium sal wees. Dit is die boodskap van hoop en dit is die ware evangelie—die evangelie van die Koninkryk van God—wat Jesus Christus verkondig het. *Dit* is die fokus van die *Wêreld van Môre*. 

Profesie neem

Minnaars word mededingers!

Baie hedendaagse geleerdes aanvaar, as 'n geloofsartikel, dat dit onmoontlik is om die toekoms akkuraat te voorspel. Verder sê hulle dat die Bybel maar net deur die mens geskryf is en nie 'n ongewenaarde Godgeïnspireerde boek is nie. Tog sê God in die Bybel dat Hy die toekoms kan voorspel en dit teweegbring! Die Een wat die profeet Jesaja geïnspireer het, verklaar: “Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; *wat van die begin af verkondig die einde*, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen” (Jesaja 46:9-10). Hedendaagse hooftrekke op wêreldnuus bewys hierdie verbasende verklarings, aangesien profesieë wat duisende jare gelede gegee is, in ons tyd *gestalte kry!*

Antieke profesieë

Toe God die antieke Israeliete uit Egipte gebring het, het Hy 'n verbond met hulle gesluit. God het belowe dat hulle geseën sou word as hulle Sy wette gehoorsaam het, maar dat hulle moeilike tye in die gesig sou staar as hulle ongehoorsaam was (sien Levitikus 26; Deuteronomium 28). Die hartseer verhaal van die Skrif is dat die antieke nasies Israel en Juda besluit het om God se opdragte te ignoreer en in plaas daarvan “hul eie ding te doen” (sien Rigters 21:25). Omdat die Israeliete teen God gerebelleer en die verbond in opstand gekom het—“Maar my volk het My vergeet, dae sonder getal” (Jeremia 2:32)—gee God

'n reeks gedetailleerde profesieë wat in die toekoms 'n vernietigende impak op hulle sal hê. Die Bybel voorspel dat wanneer sondige Israelitiese nasies 'n beroep op hul bondgenote doen om hulp in toekomstige nood, daardie bondgenote hulle sal verag en teen hulle sal draai: “*minnaars versmaad jou, hulle soek jou lewe*” (Jeremia 4:30).

Hierdie profesie word op talle ander plekke in die Skrif herhaal, met spesifieke bykomende besonderhede. God waarsku deur die profeet Jeremia: “*Al jou minnaars het jou vergeet [versaak] ... Ek het jou geslaan soos 'n vyand ... omdat jou ongeregtigheid groot is, geweldig jou sondes... aan die einde van die dae sal julle dit verstaan*” (Jeremia 30:14, 24). God waarsku Jerusalem en die huis van Israel dat “haar vriende het troueloos teen haar gehandel, haar vyande geword. Haar teëstanders het die oorhand gekry... [en Israel sal kla] Ek het geroep na my liefhebbers—hulle het my *in die steek gelaat.*” (Klaagliedere 1:2, 5, 19). God het die profeet Esegïel op soortgelyke wyse gebruik om te beskryf wat met Israel en Juda sou gebeur: “Ek [het] haar oorgegee in die hand van haar minnaars... Kyk, Ek verwek jou minnaars, van wie jou siel *vervreemd* geraak het, teen jou, en Ek sal hulle van alle kante teen jou aanbring... Omdat jy My vergeet het” (Esegïel 23:9, 22, 35).

Hierdie profesieë het meer as 2 500 jaar gelede 'n *aanvanklike*

vervulling gehad toe die volke Israel en Juda onderskeidelik in 721 v.C. en 604 v.C. in aanhouding weggevoer is deur naburige volke. Die profesieë is egter tweeledig en sal *uiteindelike* vervulling “in die laaste dae” vind. Die Amerikaners en die ander Britse afstammeling is die hedendaagse huis van Israel (vra gerus ons gratis boekie, *Wat lê voor vir Amerika, Brittanje asook Suid-Afrika*, aan vir meer oor hierdie onderwerp.) Profesie onthul dat die bondgenote van die hedendaagse Israelitiese nasies hulle sal begin verag, hul mededingers sal word en uiteindelik teen hul voormalige vriende en weldoeners sal draai. Skrikwekkende ontwikkelinge op die hedendaagse wêreldtoneel—veral in Europa—wys ons dat hierdie profesieë hul *uiteindelike vervulling* nader!

Profesieë vervul

Die Anglo-Amerikaanse nasies het die Tweede Wêreldoorlog gevoer om Europa te bevry van Fascisme en om Pasifiese nasies te bevry van Japannese vorstelike oorheersing. Die Anglo-Amerikaanse nasies was vir meer as 50 jaar weldoeners van die lande wat hulle “oorwin” het, het hul ekonomie ondersteun en hulle bygestaan in verdediging teen kommunistiese bedreigings. Dinge het egter om en by die einde van die 20ste eeu begin verander. Die val van die Berlynse Muur in 1989 het die Sowjetbedreiging uit Europa verwyder, die behoefte vir

gestalte aan

Amerikaanse beskerming uitgeskakel en die weg vir die Europese Unie gebaan. Die aanval van 11 September 2001 op die VSA het 'n wêreldwye “oorlog teen terrorisme” sowel as die inval van Afganistan en Irak teweeggebring. Die Amerikaansgeleide inval van Irak het Europa aanvanklik verdeel, maar 'n bondgenootskap tussen Duitsland, Frankryk en Rusland tot gevolg gehad wat die Frans-Duitse “Europese kern” weer versterk het (*Super State*, Haseler, bl. ix, 2).

Na aanleiding van hierdie dramatiese gebeure, het die uitoefening van Amerikaanse mag in die wêreld 'n hoogs omstrede aangeleentheid geword, met meningsopnames wat toon dat Europeërs “nie meer vertrou in die Amerikaanse leierskap het nie” “en toenemend vrees vir 'n veramerikaanse toekomstige wêreldorde “ontwerp deur denkers in Washington” (Haseler, bl. x). Eintlik het die opposisie teen die Amerikaansgeleide oorlog teen Irak “Europeërs verenig in 'n gemene saak” om 'n nuwe Europese supermoondheid te bou wat “die potensiaal het om die Amerikaanse mag in die wêreld uit te kanselleer en in toom te hou” (*ibid.*, bl.3, x). Frankryk het “die oproep vir 'n mededingende Europese supermoondheid om Washington te *konfronteer*, gelei (*London daily Telegraph*, 5 November 2004). Dr. Stephen Haseler, 'n professor van regering in Londen, maak die opmerking dat hierdie opkomende Europese supermoondheid in alle erns

mededingend sal word met die VSA” en idees van Amerikaanse heerskappy sal **uitdaag** namate dit 'n **mededingende** mag word wie se belange sal **bots** met die belange en aktiwiteite van die VSA (*ibid.*, bl. 6). Hy stel dit ook dat “gebeure self sal help om Europese eenheid te smee en te help om aarselende Europeërs saam te dryf” (*ibid.*, bl. 3). Die Bybel onthul dat God ingryp om wêreldgebeure te rig (sien Daniël 2:20-21; 4:17).

Emmanuel Todd, 'n Franse politieke teoretikus en demograaf, het 'n gelyksoortige opmerking gemaak, dat “die onbestendige militaristiese gedrag van die Verenigde State... [en] Amerika se dreigende eensydige gedrag, integrasie van Europa bespoedig het en die Russiese toenadering onherroeplik vorentoe verskuif het. Hul gekombineerde vermoëns—die ekonomiese krag van Europa en Rusland se strategiese kern afskrikmag—sal voldoende wees om toekomstige Amerikaanse skietlustige oproerigheid in toom te hou” (*After the Empire*, Todd, bl. xx, xxiii). Todd beskryf dat Europeërs en ander mense in vandag se wêreld die stadium bereik het waar hulle Amerika as 'n groot bydraende oorsaak vir wanorde regdeur die wêreld beskou ... 'n struikelblok vir wêreldvrede en 'n rusiemaker in plaas van 'n vredemaker” (*ibid.*, bl. xvii, 21, 169). Hy verduidelik dat Amerika se militêre avonturisme, sy bevordering van ongereguleerde kapitalisme (wat die samehang en stabiliteit van Europa se meer gesosialiseerde ekonomiese

stelsel bedreig) en “sy nuwe onverdraagsaamheid met die res van die wêreld besig is om” Amerika se eertydse bondgenote in Europa te vervreem” en kan lei tot die “aktivering en opstand van die ver-regses” (*ibid.*, bl. 180-181).

Todd merk ook op dat “diepsinnige magte aan die werk is wat verwant is aan die spanning wat 'n skeiding voorafgaan en dat hierdie spanning 'n skeiding gaan afdwing” tussen Amerika en Europa (*ibid.*, bl.171, 175). Todd sê dat Amerika nooit na die Tweede Wêreldoorlog kon droom hoe 'n versoening tussen voormalige vyande (bv. Frankryk en Duitsland) “sou lei tot die geboorte van 'n mededingend strategiese entiteit nie. Hierdie progressiewe skuif van simpatie en aanmoediging tot verdenking en dan bitterheid en uiteindelik teenstand, is verstaanbaar” (*ibid.*, bl.172). Soos Todd dit stel, “al die bestanddele is daar vir 'n hewige konflik tussen Europa en die Verenigde State in die nabye toekoms” (*ibid.*, bl. 186).

God het lank gelede al geprofeteer dat, sou Sy verkore volk besluit om Sy wette te vergeet en teen Sy opdragte in opstand te kom, die bondgenote (“minnaars”) van die Israelitiese nasies hul mededingers en woedende teenstanders sou word. Hierdie profesieë, wat duisende jare gelede in die Bybel aangeteken is, is besig om *vandag gestalte te kry*, iets wat ons waarsku dat die einde van hierdie era en die Wederkoms van Jesus Christus baie naby is!

—Douglas S. Winnail

Vervolg vanaf bladsy 13 — Skadu's oor Europa

Hedendaagse leiers poog om die vasteland te verenig deur ekonomiese- en regsmittele—tensame met arm-draai, intimidasie en agteraf transaksies. Hulle het nog nie weer die sluimerende mag van godsdiens begin benut om hul pogings te help nie, maar dit sal weer gebeur—net soos in die verlede die geval was! Die groeiende skadu van 'n polities-verenigde Europa is ook van *diepgaande profetiese belang*.

Daniël voorspel dat vier keiserryke die Midde-Ooste sou domineer (Daniël 2, 7). Hy dui aan dat die vierde ryk, Rome, *telkemale sal herleef* (die tien horings—Daniël 7:7, 20, 24). Die laaste herlewing, wat sal plaasvind net voor die Wederkoms van Jesus Christus, sal tien konings betrek (tien tone, soos in Daniël 2:42-44) wat hul soewereiniteit aan 'n sterk leier sal oorgee (die dier, soos beskryf in Openbaring 17:12) terwyl hulle 'n globale handelsblok skep (sien Openbaring 18). Hierdie finale herlewing word beskryf as 'n *onstabiele mengsel van "yster en klei"* wat sal verkrummel met Christus se Wederkoms (Daniël 2:40-45). Hierdie is 'n gepaste beskrywing van die nasies van Europa, wat onder mekaar redekawel terwyl hulle strewe om 'n struktuur te skep wat hulle sal help om 'n belangrike rol op die wêreldtoneel te speel. Een historikus sê dat die Europese Unie op "politieke dryfsand" gebou word (*The Question of Europe*, Gowan & Anderson, bl. 144).

Terwyl die leiers van Europa oor vrede praat en nasies meeding om invloedryke status, dui Bybelprofesieë—en huidige neigings—aan dat Duitsland as die dominante speler sal ontluik. Die Europese Bank is op die Duitse Bundesbank geskoei, die uitbreiding na Oos-Europa word beskryf as 'n "Duitse projek" en die hoof van die Europese weermag is 'n Duitser. Bybelprofesie dui aan dat 'n sterk leier—die "koning van die noorde"—beheer oor hierdie politieke "wese" sal verkry en dit vir 'n kwaadwillige doel sal aanwend. Daniël sê dat hierdie bese leier op slinkse wyse mag sal bekom (Daniël 11:15, 21, 32), 'n ooreenkoms sal sluit (wat hy later sal verbreek) wat die Jode sal toelaat om offerandes te begin (8:11; 9:27; 11:31), ware gelowiges sal vervolg (11:33-35), militêre aktiwiteite van stapel sal stuur (11:36-

39) en uiteindelik die Midde-Ooste sal binneval (11:40-45). Die Bybel vereenselwig hierdie *koning van die noorde* met **Assirië—hedendaagse Duitsland** (sien Jesaja 7:17-25; 10:5-19; Hosea 11:5). Vir meer oor hierdie onderwerp versoek asseblief u gratis kopie van ons artikel, 'n *Vierde Ryk?*

Bybelprofesie onthul dat God hierdie eindtydse mag onder leiding van Duitsland sal gebruik om Sy eie gekose mense te **straf**—die hedendaagse Israelitiese nasies van Amerika, Brittanje, Kanada, Israel, Australië, Suid-Afrika en ander volke van noordwes Europese afkoms (Jesaja 10:5-19; Hosea 11:1-6). Hierdie skielike kastyding sal kom omdat hierdie volke God verlaat en Sy Wette verag het (sien Levitikus 26). Jesaja dui aan dat hierdie Duits-geleide polities-ekonomiese-militêre mag wat in Europa gebaseer is, met die Wederkoms van Christus onderwerp en gekasty sal word (Jesaja 12:12-16) en dat sy skielike heengaan die wêreld sal skok (Openbaring 18). Bybelprofesie openbaar dat hierdie dramatiese gebeure sal plaasvind gedurende 'n tydperk van drie en 'n half jaar *net voordat Christus terugkeer* (Openbaring 13:5).

Ons leef in baie betekenisvolle tye. Lankbepeinsde profesieë neem voor ons oë *gestalte aan*. Wêreldtoestande staan op die drumpel van skielike en verbasende verandering, tog is baie mense onbewus van hierdie skrikwekkende feite! Omdat ons hedendaagse samelewings so verdiep is in die hede, met die lesse van geskiedenis vergete—met min of geen kennis van Bybelprofesie nie—sal baie mense verbaas en verbyster wees wanneer hierdie ongelooflike gebeure in die nabye toekoms plaasvind. Historikus R. Allen Brown het etlike dekades gelede gewaarsku dat "die gevaar van die hede nie van 'n nuwe onkunde van die Middeleeue is nie, maar van *die herlewing van 'n oue wat ons as dood beskou het*" (*The Origins of Modern Europe*, Brown, bl. 7). Dit benadruk waarskuwings in Openbaring 13:3, 12, 14; 17:8. Indien u egter die belangrikheid van hierdie skadu's oor Europa begryp, kan u voorbereid wees op hierdie uitdagende tye—mits u gewillig sou wees om die Bybel te bestudeer en God se bevele te volg om u lewe te verander! 

Vervolg vanaf bladsy 2—Persoonlik

binne 'n paar jaar kan tref. Hoewel ek beslis nie 'n finansiële deskundige is nie, het ek toegang tot *talle* baie betroubare nuusbronne. Tans is daar al hoe meer nuusberigte wat waarsku teen 'n dreigende finansiële ineenstorting wat die Verenigde State binne die volgende paar jaar kan *verwoes*! Let goed op 'n paar hoogtepunte uit 'n artikel deur Carolyn Lochhead in die *San Francisco Chronicle* van 12 September 2004:

“Die eerste van die “na-oorlogse” geslag wat 77 miljoen sterk staan, gaan in net vier jaar begin aftree... 'Ontmoedigend' is die woord wat die Verenigde State se hoof-valutabeheerbeampte, David Walker, gebruik om die begrotings-vooruitsig te beskryf.

'Die langtermyn vooruitskouing van die begroting is eenvoudig angswekkend,' het Leonard Burman, mededirekteur van die stigting vir die beleid oor stedelike belasting, bygevoeg. 'Ek het vier kinders en dit ontstel my werklik. Ek dink net dat wat ons besig is om aan hulle te doen, onverantwoordelik is...'

'Om u net 'n idee te gee hoe groot die probleem is', sê Laurence Kotlikoff, ekonomiese voorsitter van die Universiteit van Boston, wat reeds breedvoerig oor die onderwerp geskryf het, om 'n fiskale gaping van \$51 biljoen te oorbrug, 'moet mens 'n onmiddellike en blywende verhoging van 78% in die federale inkomstebelasting hê'.

Hierdie verpligtinge is nie denkbeeldig nie. En anders as in die 1980's en 1990's, kan ekonomiese groei nie die regering uit die moeilikheid help nie aangesien die “na-oorlogse” geslag se aftrede ophande is. Diegene wat in 1946 gebore is, sal in 2008 die ouderdom van 62 jaar bereik, wat hulle in staat stel om met vroeë pensioen te gaan en te kwalifiseer vir bestaansbeveiligingsvoordele ... 'n Baanbrekerstudie deur Jagadeesh Gokhale van die Federale Reserwebank van Cleveland en Knet Smetters, 'n eertydse adjunk-hulpsekretaris van die tesourie—afgevaardig deur die voormalige sekretaris van die tesourie, Paul O'Neill—het 'n fiskale gaping van \$44 biljoen beraam. Dit het 'n paar pynlike opsies voorgehou oor hoe om die verpligtinge na te kom:

Die betaalstaatbelasting moet, dadelik en vir altyd, meer as verdubbel word, van 15,3% van die loon tot byna 32%; die inkomstebelasting moet dadelik en vir altyd met twee-derdes verhoog word;

Die bestaansbeveiliging en die mediese bystandsvoordele moet dadelik en vir altyd met 45% gesny word;

Of staak vir altyd alle diskresionêre uitgawes, wat die weermag, landsveiligheid, hoofweë, howe, nasionale parke en die meeste van dit wat die federale regering doen, buiten die oordrag van betalings aan bejaardes, insluit.

Sulke regstellende optredes word elke jaar erger. Deur net te wag tot 2008, die einde van die volgende presidentstermyn, sal beteken dat die betaalstaatbelasting tot 33,5% verhoog moet word in plaas van 32%, het die studie bepaal.

Gokhale het gesê dat nuwe berekeninge van die kurators van mediese bystand toon dat die fiskale gaping sedertdien gegroei het tot \$72 biljoen, waarvan \$10 biljoen vir bestaansbeveiliging is en 'n verbysterende \$62 biljoen vir *Medicare*, die regering se mediese program vir bejaardes.”

Dink!

Trek 'n bedrag van \$72 biljoen u aandag? Blyk die nodigheid om die inkomstebelasting met twee-derdes te verhoog—“*dadelik en vir altyd*”—weselik te wees? Blyk die nodigheid om bestaansbeveiliging en mediese bystandsvoordele met *byna die helfte* te sny, ernstig te wees?

En **wie** het ons so pas aangehaal? 'n Paar godsdienstige dweppers of finansiële eksentriekes? *Nee!* Ons het so pas die Verenigde State se hoofsekretaris van tesourie en 'n paar gerespekteerde ekonome, insluitend twee amptenare van die Federale Reserwebank, aangehaal. Dit is *hulle* wat hierdie verbysterende syfers gee, wat die *grootste ekonomiese uitdaging van die moderne tyd* voorspel. Elkeen van ons moet dus sorgvuldig nadink oor wat voorlê en ons eie finansiële huis in orde kry.

'n Eerste prioriteit sal wees om *alle* kredietkaartskuld te delg—en *alle ander* skuld wat ons moontlik kan. Ons moet ook ten minste genoeg

Vervolg op bladsy 28

Vervolg vanaf bladsy 18—Oorwin u vrese

en kommer te oorwin. Hy sal ook aan u Sy Heilige Gees gee.

Sleutel 7: Vra God vir Sy Heilige Gees

God se Heilige Gees is die gees van liefde en van krag. Hy gee ons daardie geskenk nadat ons ons bekeer het en gedoop is. Petrus het op Pinksterdag, toe die Nuwe-Testamentiese Kerk begin is, met duisende mense gepraat. “En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang” (Handelinge 2:38).

Die kragtigste strategie om u vrese en kommer te oorwin, is

om met die Heilige Gees gevul te word. Soos Petrus gesê het, sal God u daardie gratis geskenk gee na opregte bekering en die doop. Na die doop, gaan die leraar voort met die oplegging van hande. Paulus verklaar: “Om hierdie rede herinner ek jou daaraan om die genadegawe van God aan te wakker wat in jou is deur die oplegging van my hande” (2 Timotheus 1:6). Ons het die Heilige Gees nodig. Hoe beskryf Paulus die Heilige Gees? “Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing” (vers 7).

God se gees in u sal u help om u vrese te oorwin. Soos Johannes geskryf het: “Daar is geen vrees in die liefde nie; maar

die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie” (1 Johannes 4:18). God sal u die geskenk van Sy liefde gee wat u vrees sal besweer. Dit is die geskenk van goddelike liefde deur die Heilige Gees.

Soos ons gereedmaak vir die Messias se Wederkoms aarde toe, sal ons baie beproewinge en uitdagings moet trotseer in 'n wêreld wat kop verloor het. Die Skrif gee ons egter die ware sleutels om angs te oorwin en die toekomst met geloof te trotseer. Mag God u die oorvloedige vrede verleen wat Hy belowe het aan diegene wat Hom van ganser harte soek en vertrou!

Vervolg vanaf bladsy 27 — Persoonlik

fondse vir 60 dae se normale uitgawes hê vir ingeval die bankstelsel ineenstort of 'n soortgelyke noodgeval opduik. Ons moet ook stadigaan 'n gesinsbegroting uitwerk wat ons toelaat om oor 'n tydperk 'n finansiële reserwe op te bou wat ons vir 'n jaar of meer sal kan dra, sou ons ons werk verloor of 'n noodlottige gesondheidsprobleem opduik, ensovoorts.

Laastens, ons moet God *nie* buite rekening laat nie. Hoewel die natuurlike reaksie sal wees om voorsiening te maak vir die finansiële sy en te *vergeet van God*, is die werklik *wyse* benadering om God te **eer** in hierdie saak en **te weet**, in geloof, dat *Hy* ons sal seën en lei in al ons ander pogings. Die Bybel sê: “Vereer die HERE uit jou goed en uit die eersteling van al jou inkomste; dan sal jou skure vol word van oorfloed en jou parskuipe oorloop van mos” (Spreuke 3:9-10).

Jesus Christus Self leer ons: “Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde, waar mot en

roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie; maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie; want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees (Mattheus 6:19-21).

As u werklik *glo* in die lewende God en in Sy geïnspireerde Woord, sal u *u deel* doen om Sy Werk te ondersteun, selfs gedurende moeilike tye. Dan sal die Skepper beslis “daar wees” wanneer u Hom dringend nodig het. Selfs al verstaan u nog nie hierdie geestelike waarheid nie, wees beslis bewus van wat fisies gaan gebeur en *neem onmiddellike* stappe om te begin om u finansiële huis in orde te kry. U skuld dit aan uself en u gesin!

